- (c) on a first conviction under any provision not referred to in paragraph (a), to a fine not exceeding one hundred rand or, in default of payment, imprisonment for a period not exceeding three months;
- (d) on conviction under any provision not referred to in paragraph (a), after any prior conviction under the same or any other provision of this Act or of any regulation, to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and such imprisonment,"; and

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Any person who is convicted of an offence under section 23, shall be liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand or, in default of payment, imprisonment for a period not exceeding three months."

29. (1) Section 39 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

Amendment of section 39 of Act 25 of 1957.

"The Minister may make regulations, not inconsistent with this Act—";

(b) by the deletion at the end of subsection (1) (c) of the word "and";

(c) by the insertion after paragraph (c) of subsection (1) of the following paragraphs, the existing paragraph (d) becoming paragraph (j):

- "(d) prescribing the kinds or types of other fermented beverages contemplated in section 7 (1) (b);
- (e) prescribing the manufacturing processes of other fermented beverages, including the treatment before, during or after the manufacture thereof;
- (f) prescribing, in the case of any kind or type of other fermented beverage, the substances which may be added thereto before, during or after the manufacture thereof, and the maximum permissible percentage that any such substance may constitute thereof;
- (g) prescribing the composition, the alcoholic strength, the acid content or the dry extract of any kind or type of other fermented beverage:

(d) deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:
 „(1A) Verskillende regulasies kan ten opsigte van verskillende soorte of tipes ander gegiste drank uitgevaardig word.”; en

(e) deur in subartikel (2) die woord „Goewerneur-generaal” deur die woord „Staatspresident” te vervang.

(2) 'n Regulasie wat kragtens artikel 39 van die Hoofwet uitgevaardig is en by die inwerkingtreding van hierdie Wet van krag is, word geag kragtens daardie artikel soos deur subartikel (1) van hierdie artikel gewysig, uitgevaardig te wees.

Vervanging van artikel 40 van Wet 25 van 1957.

30. (1) Artikel 40 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Uitvoering van Wet. 40. (1) Hierdie Wet en die regulasies word uitgevoer deur die amptenare in die Staatsdiens wat die Minister van tyd tot tyd aanwys, en elke aanwysing van so 'n amptenaar word in die *Staatskoerant* bekend gemaak.

(2) 'n Aldus aangewese amptenaar kan te eniger tyd 'n plek of perseel betree en inspekteer waarin wyn, ander gegiste drank of spiritualieë vervaardig of bewerk word, of waarin, na hy rede het om te vermoed, wyn, ander gegiste drank of spiritualieë vervaardig of bewerk word, of suiker of enigiets anders bewaar word waarvan die gebruik by die vervaardiging of bewerking van wyn, ander gegiste drank of spiritualieë of 'n ander artikel deur hierdie Wet of 'n regulasie verbied of beperk word, en 'n aldus aangewese amptenaar kan die boeke en stukke van iemand wat wyn, ander gegiste drank of spiritualieë vervaardig of bewerk, opeis en insien.

(3) Iemand wat versuim om te voldoen aan die versoek van so 'n amptenaar om sy boeke en stukke oor te lê, of wat so 'n amptenaar by die verrigting van 'n plig ingevolge hierdie Wet of 'n regulasie belemmer, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand.”

(2) 'n Kragtens artikel 40 van die Hoofwet aangewese amptenaar wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet nog so 'n amptenaar is, word geag kragtens daardie artikel, soos deur subartikel (1) van hierdie artikel vervang, aangewys te wees.

Vervanging in Wet 25 van 1957 van die woord „Unie” deur die woord „Republiek”.

31. Behoudens die voorafgaande bepalings van hierdie Wet, word die Hoofwet hierby gewysig deur die woord „Unie”, oral waar dit voorkom, deur die woord „Republiek” te vervang.

Vervanging van artikel 42 van Wet 25 van 1957.

32. Artikel 42 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Kort titel. 42. Hierdie Wet heet die Wet op Wyn, Ander Gegiste Drank en Spiritualieë, 1957.”.

Vervanging van lang titel van Wet 25 van 1957.

33. Die lang titel van die Hoofwet word hierby deur die volgende lang titel vervang:

„Tot samevatting van die wetsbepalings om die gebruik van sekere bestanddele in wyn, ander gegiste drank en spiritualieë te verbied, en die vervaardiging en verkoop van wyn, ander gegiste drank en spiritualieë in sekere opsigte te reël.”.

Kort titel en inwerkingtreding.

34. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Wyn, Spiritualieë en Asyn, 1966, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(d) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

“(1A) Different regulations may be made in respect of different kinds or types of other fermented beverages.”; and

(e) by the substitution in subsection (2) for the word “Governor-General” of the words “State President”.

(2) Any regulation made under section 39 of the principal Act and in force at the commencement of this Act, shall be deemed to have been made under that section as amended by subsection (1) of this section.

30. (1) The following section is hereby substituted for section 40 of the principal Act: Substitution of section 40 of Act 25 of 1957.

“Adminis-
tration
of Act.

40. (1) This Act and the regulations shall be administered by such officers in the public service as the Minister may from time to time designate, and every designation of such an officer shall be notified in the *Gazette*.

(2) Any officer so designated may at all times enter and inspect any place or premises in which wine, other fermented beverages or spirits is manufactured or manipulated, or in which he has reason to suspect that wine, other fermented beverages or spirits is manufactured or manipulated, or that sugar or any other thing, whereof the use in the manufacture or manipulation of any wine, other fermented beverage, spirits or other article is prohibited or restricted by this Act or any regulation, is being stored, and any officer so designated may call for and inspect the books and records of any person who manufactures or manipulates wine, other fermented beverages or spirits.

(3) Any person who fails to comply with the request of any such officer for the production of his books and records, or who obstructs any such officer in the performance of any duty under this Act or any regulation, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand.”.

(2) Any officer designated under section 40 of the principal Act who at the commencement of this Act is still a designated officer, shall be deemed to have been designated under that section as substituted by subsection (1) of this section.

31. Subject to the preceding provisions of this Act, the principal Act is hereby amended by the substitution for the word “Union”, wherever it occurs, of the word “Republic”. Substitution in Act 25 of 1957 for the word “Union” of the word “Republic”.

32. The following section is hereby substituted for section 42 of the principal Act: Substitution of section 42 of Act 25 of 1957.

“Short title. 42. This Act shall be called the Wine, Other Fermented Beverages and Spirits Act, 1957.”.

33. The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Act: Substitution of long title of Act 25 of 1957.

“To consolidate the laws prohibiting the use of certain substances in wine, other fermented beverages and spirits, and regulating in certain respects the manufacture and sale of wine, other fermented beverages and spirits.”.

34. This Act shall be called the Wine, Spirits and Vinegar Amendment Act, 1966, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*. Short title and commencement.

No. 51, 1966.]

WET

Om 'n universiteit te Johannesburg in die Provinsie Transvaal te stig en om voorsiening te maak vir die bestuur en beheer van die sake van die universiteit, vir die reëling van sy werksaamhede en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 18 Oktober 1966.)*

NADEMAAL daar 'n begeerte bestaan dat 'n universiteit met 'n Afrikaanse gees en karakter en waar die beginsels vervat in die aanhef van die Grondwet van die Republiek gehandhaaf word, aan die Witwatersrand tot stand gebring word:

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordbepaling.

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

- (i) „gemeenskaplike statuut” die gemeenskaplike statuut en die gemeenskaplike regulasies wat ingevolge artikel 18 van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955), opgestel en afgekondig is; (iv)
- (ii) „hierdie Wet” ook die statuut en die gemeenskaplike statuut; (x)
- (iii) „kanselier” die in artikel 6 bedoelde kanselier van die Universiteit; (i)
- (iv) „konvokasie” die in artikel 12 bedoelde konvokasie van die Universiteit; (ii)
- (v) „lektor” ook 'n navorser wat 'n pos aan die Universiteit beklee wat die raad op aanbeveling van die senaat gelykstaande met 'n doserende pos verklaar; (v)
- (vi) „Minister” die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap; (vi)
- (vii) „professor” ook 'n lektor wat die hoof van 'n fakulteit of departement is; (vii)
- (viii) „raad” die in artikel 9 bedoelde raad van die Universiteit; (iii)
- (ix) „senaat” die in artikel 10 bedoelde senaat van die Universiteit; (viii)
- (x) „statuut” die statuut van die Universiteit wat ingevolge artikel 17 van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955), opgestel en afgekondig is; (ix)
- (xi) „Universiteit” die Randse Afrikaanse Universiteit by artikel 2 ingestel. (xi)

Stigting van
Randse Afrikaanse
Universiteit.

2. Hierby word 'n universiteit met die naam die Randse Afrikaanse Universiteit gestig.

Setel en werkkring
van Universiteit.

3. Die Universiteit se setel is te Johannesburg, maar hy kan sy universitêre aktiwiteite in enige van of al die landdrosdistrikte van die Witwatersrand, te wete, die distrikte Johannesburg, Germiston, Boksburg, Brakpan, Benoni, Springs, Nigel, Kempton Park, Roodepoort, Krugersdorp, Randfontein en Randburg in die provinsie Transvaal en ook in enige van of al die landdrosdistrikte Heidelberg, Oberholzer, Vereeniging, Vanderbijlpark en Westonaria in daardie provinsie voortsit: Met dien verstande dat geen vak op 'n plek binne die landdrosdistrik Vanderbijlpark of Vereeniging gedoseer mag word indien „Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys” reeds voorsiening gemaak het om daardie vak op 'n plek binne bedoelde distrikte te stig.

No. 51, 1966.]

ACT

To establish a university in Johannesburg in the Province of the Transvaal and to provide for the administration and control of the affairs of the university, for the regulation of its activities and for matters incidental thereto.

*(English text signed by the State President.)
(Assented to 18th October, 1966.)*

WHEREAS there exists a desire that a university that is Afrikaans in spirit and character and where the principles set out in the preamble to the Constitution of the Republic are maintained, be established on the Witwatersrand:

BE IT THEREFORE ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—
- Definitions.
- (i) "chancellor" means the chancellor of the University referred to in section 6; (iii)
 - (ii) "convocation" means the convocation of the University referred to in section 12; (iv)
 - (iii) "council" means the council of the University referred to in section 9; (viii)
 - (iv) "joint statute" means the joint statute and the joint regulations framed and published in terms of section 18 of the Universities Act, 1955 (Act No. 61 of 1955); (i)
 - (v) "lecturer" includes a research worker occupying a post at the University declared by the council on the recommendation of the senate to be equivalent to a teaching post; (v)
 - (vi) "Minister" means the Minister of Education, Arts and Science; (vi)
 - (vii) "professor" includes a lecturer who is the head of any faculty or department; (vii)
 - (viii) "senate" means the senate of the University referred to in section 10; (ix)
 - (ix) "statute" means the statute of the University framed and published in terms of section 17 of the Universities Act, 1955 (Act No. 61 of 1955); (x)
 - (x) "this Act" includes the statute and the joint statute; (ii)
 - (xi) "University" means Rand Afrikaans University established by section 2. (xi)

2. There is hereby established a university to be known as the Rand Afrikaans University.

Establishment of
Rand Afrikaans
University.

3. The seat of the University shall be in Johannesburg, but the University may conduct its university activities in any or all of the magisterial districts of the Witwatersrand, namely, the districts of Johannesburg, Germiston, Boksburg, Brakpan, Benoni, Springs, Nigel, Kempton Park, Roodepoort, Krugersdorp, Randfontein and Randburg in the province of the Transvaal and also in any or all of the magisterial districts of Heidelberg, Oberholzer, Vereeniging, Vanderbijlpark and Westonaria in the said province: Provided that no lectures shall be given in any subject at any place within the magisterial district of Vanderbijlpark or Vereeniging if "Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys" has already made arrangements for the giving of lectures in that subject at any

Seat and sphere
of activity of
University.

(2) Die Universiteit mag nie sonder die goedkeuring van die Minister sy onroerende goed verhuur, verkoop, verruil of op 'n ander wyse vervreem of 'n saaklike reg of serwituut daarop aan iemand verleen nie.

Samestelling van Universiteit.

5. Die Universiteit bestaan uit—

- (a) 'n kanselier;
- (b) 'n amptenaar wat die rektor van die Universiteit heet en ook die vise-kanselier van die Universiteit is;
- (c) 'n raad;
- (d) 'n senaat;
- (e) 'n konvokasie;
- (f) die professore, lektore en studente;
- (g) die administratiewe en biblioteekpersoneel van die Universiteit.

Kanselier van Universiteit.

6. (1) Die kanselier van die Universiteit word deur die raad gekies op die wyse by statuut voorgeskryf, en sy bevoegdhede, voorregte, werksaamhede en pligte is dié wat by statuut voorgeskryf word.

(2) Die kanselier beklee sy amp vir 'n termyn van tien jaar, tensy hy voor die verstryking van dié termyn sy bedanking skriftelik by die raad indien of op versoek van die raad deur die Staatspresident afgesit word om 'n rede wat hy voldoende ag.

(3) Wanneer die kanseliersamp vakant raak, kies die raad so gou doenlik 'n nuwe kanselier.

Vise-kanselier van Universiteit.

7. Die vise-kanselier van die Universiteit verrig die werksaamhede en pligte en oefen die bevoegdhede uit wat hierdie Wet die vise-kanselier oplê of aan hom verleen, en verrig ook die werksaamhede en pligte van die kanselier en oefen ook sy bevoegdhede uit wanneer die kanselier afwesig is of nie in staat is om bedoelde werksaamhede of pligte te verrig of bevoegdhede uit te oefen nie.

Rektor en hoofamptenare van Universiteit.

8. (1) Die rektor, die hoof-administratiewe beampte en ander hoofamptenare van die Universiteit word deur die raad aangestel op die wyse by statuut voorgeskryf.

(2) Die bevoegdhede, voorregte, werksaamhede, pligte en ampstermyn van die rektor en die hoofamptenare van die Universiteit is dié wat by statuut voorgeskryf word.

Raad van Universiteit.

9. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, berus die bestuur en uitvoerende mag van die Universiteit by die raad, wat bestaan uit—

- (a) die rektor van die Universiteit;
- (b) een persoon deur die Minister aangestel, wat sy amp ontruim sodra die lede van die konvokasie vir die eerste maal die honderdtal bereik, en daarna een persoon deur die konvokasie gekies of (indien die getal lede van die konvokasie te eniger tyd vyfhonderd beloop het) twee persone aldus gekies;
- (c) vier persone deur die Staatspresident aangestel;
- (d) een persoon deur die Raad van die Universiteit van Pretoria aangestel;
- (e) een persoon deur die Raad van „Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys” aangestel;
- (f) een persoon deur die Stadsraad van Johannesburg aangestel;
- (g) drie persone gekies deur die plaaslike besture wat geaffilieer is by die Raad van Randse Munisipaliteite;
- (h) twee persone gekies deur persone (uitgesonderd munisipaliteite) wat volgens die bepalings van die statuut donateurs is uit hoofde van skenkings deur hulle aan die Universiteit gedoen;
- (i) een persoon gekies om hoërskole in die skoolraadsdistrikte Witwatersrand-sentraal, Witwatersrand-wes, Witwatersrand-oos, Heidelberg en Vereeniging waarin die voertaal van die meerderheid van die leerlinge Afrikaans is, te verteenwoordig;
- (j) drie persone gekies om die gemeentes te verteenwoordig

(2) The University shall not without the approval of the Minister let, sell, exchange or otherwise alienate its immovable property or grant to any person any real right therein or servitude thereon.

5. The University shall consist of—

Constitution of University.

- (a) a chancellor;
- (b) an officer who shall be styled the principal of the University and shall also be the vice-chancellor of the University;
- (c) a council;
- (d) a senate;
- (e) a convocation;
- (f) the professors, lecturers and students; and
- (g) the administrative and library staff of the University.

6. (1) The chancellor of the University shall be elected by the council in the manner prescribed by the statute, and his powers, privileges, functions and duties shall be as prescribed by the statute.

Chancellor of University.

(2) The chancellor shall hold office for a period of ten years, unless before the expiry of such period he submits his resignation in writing to the council or is at the request of the council removed from office by the State President for a reason which he deems sufficient.

(3) Whenever the office of chancellor becomes vacant, the council shall as soon as possible elect a new chancellor.

7. The vice-chancellor of the University shall perform such functions and duties and may exercise such powers as may be imposed or conferred on the vice-chancellor by this Act, and shall also perform the functions and duties and exercise the powers of the chancellor whenever the chancellor is absent or unable to perform such functions or duties or to exercise such powers.

Vice-chancellor of University.

8. (1) The principal, the chief administrative officer and other chief officers of the University shall be appointed by the council in the manner prescribed by the statute.

Principal and chief officers of University.

(2) The powers, privileges, functions, duties and period of office of the principal and the chief officers of the University shall be as prescribed by the statute.

9. (1) Subject to the provisions of the Act, the government and executive authority of the University shall be vested in the council which shall consist of—

Council of University.

- (a) the principal of the University;
- (b) one person, appointed by the Minister, who shall vacate his seat immediately the membership of convocation for the first time reaches the figure of one hundred, and thereafter one person elected by convocation or (if the membership of convocation has at any time reached the figure of five hundred) two persons so elected;
- (c) four persons appointed by the State President;
- (d) one person appointed by the Council of the University of Pretoria;
- (e) one person appointed by the Council of "Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys";
- (f) one person appointed by the City Council of Johannesburg;
- (g) three persons elected by the local authorities affiliated to the Council of Reef Municipalities;
- (h) two persons elected by persons (other than municipalities) who according to the provisions of the statute are donors by virtue of donations made by them to the University;
- (i) one person elected to represent high schools in the school board districts of Witwatersrand-Central, Witwatersrand-West, Witwatersrand-East, Heidelberg and Vereeniging in which the medium of instruction of the majority of the pupils is Afrikaans;

the congregations of

- (l) een persoon gekies om die Afrikaanse sakekamersin die in artikel 3 omskrewe gebied te verteenwoordig;
- (m) een persoon gekies om die takke van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, die Vroue-organisasies van die Nederduits Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk, die Vrou- en Moeder-beweging van die Afrikaanse Taalen Kultuurvereniging, die Maria van Riebeeck-klub en die Maria Malan-klub in die in artikel 3 omskrewe gebied en die Afrikaanse dameskringe en ander Afrikaanse damesverenigings en damesklubs in bedoelde gebied wat die Minister vir dié doel erken, te verteenwoordig;
- (n) een persoon deur die Randse Universiteitsvereniging gekies; en
- (o) twee professore van die Universiteit deur die senaat aangewys.
- (2) Die verkiesing van 'n lid van die raad ingevolge paragraaf (b) of enige van paragrawe (g) tot en met (m) van subartikel (1) geskied op die wyse wat vir die doeleindes van die betrokke paragraaf by statuut voorgeskryf word.
- (3) Die Minister kan ten opsigte van 'n lid van die raad ingevolge subartikel (1) (b) deur hom aangestel 'n plaasvervanger aanstel om in die afwesigheid van daardie lid sy pligte waar te neem.
- (4) 'n Lid van die raad, behalwe die rektor van die Universiteit, beklee sy amp vir 'n termyn van vier jaar, tensy hy vóór die verstryking van dié termyn sy bedanking skriftelik by die raad indien of sy amp ontruim om 'n ander rede by statuut voorgeskryf.
- (5) 'n Toevallige vakature in die raad wat veroorsaak word deur die dood van of die ontruiming van sy amp deur 'n lid word met inagneming van die bepalings van subartikel (1) gevul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die lid.
- (6) Die raad kies 'n voorsitter uit sy lede en, indien die voorsitter nie op 'n vergadering van die raad aanwesig is nie, kan die aanwesige lede iemand uit hul midde kies om op dié vergadering voor te sit.
- (7) Vergaderings van die raad word gehou op die tye en plekke wat die raad bepaal, en die kworum vir en prosedure op 'n vergadering word by statuut voorgeskryf.
- (8) Die raad beheer die eiendom van die Universiteit en oefen, behoudens die bepalings van hierdie Wet, beheer oor die Universiteit en al sy sake en werksaamhede uit.
- (9) Die raad kan komitees van die raad aanstel wat uit raadslede of uit raadslede sowel as ander persone bestaan, en kan aan so 'n komitee wat uitsluitlik uit raadslede bestaan enige van die raad se bevoegdhede of werksaamhede opdra: Met dien verstande dat die raad nie onthef is van 'n bevoegdheid of werksaamheid wat hy aan so 'n komitee opgedra het nie en 'n besluit van so 'n komitee by die eerste vergadering daarna deur die raad gehou, kan wysig of tersyde stel.

**Senaat van
Universiteit.**

10. (1) Die senaat bestaan uit—

- (a) die rektor van die Universiteit, wat die voorsitter is;
- (b) twee ander lede van die raad wat die raad kies;
- (c) die professore van die Universiteit;
- (d) die hoof-administratiewe beampte en die hoofbibliotekaris van die Universiteit;
- (e) die persone wat die Minister met inagneming van die bepalings van subartikel (2) ten opsigte van elke fakulteit van die Universiteit aanstel en wat professore moet wees in 'n ooreenstemmende fakulteit van die Universiteit van Pretoria of „Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys”.
- (2) Die lede van die senaat wat die Minister kragtens subartikel (1) (e) aanstel, moet nie minder as die ander lede van die senaat wees nie en word na oorlegpleging met die betrokke Universiteite aangestel.
- (3) 'n Lid van die senaat, behalwe 'n in subartikel (1) (a) of (c) bedoelde lid, beklee sy amp vir 'n termyn van vier jaar.

- (l) one person elected to represent the "Afrikaanse Sakekamers" in the area defined in section 3;
- (m) one person elected to represent the branches of the "Suid-Afrikaanse Vrouefederasie", the women's organizations of the "Nederduits Gereformeerde Kerk", the "Nederduitsch Hervormde Kerk" and the "Gereformeerde Kerk", the "Vrou- en Moeder-beweging" of the "Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging", the "Maria van Riebeeck-klub" and the "Maria Malan-klub" in the area defined in section 3, and the other Afrikaans women's societies and women's clubs in the said area recognised by the Minister for the purpose;
- (n) one person elected by the "Randse Universiteitsvereniging"; and
- (o) two professors of the University designated by the senate.

(2) The election of a member of the council in terms of paragraph (b) or any of paragraphs (g) to (m), inclusive, of subsection (1) shall take place in the manner prescribed by the statute for the purpose of the relevant paragraph.

(3) The Minister may in respect of any member of the council appointed by him under subsection (1) (b) appoint an alternate to perform the duties of such member in his absence.

(4) A member of the council other than the principal of the University shall hold office for a period of four years unless before the expiry of such period he submits his resignation in writing to the council or vacates his office for any other reason prescribed by the statute.

(5) A casual vacancy on the council caused by the death or the vacation of his office by a member shall, with due regard to the provisions of subsection (1), be filled for the unexpired portion of the period of office of such member.

(6) The council shall elect from among its members a chairman, and, if the chairman is not present at a meeting of the council, the members present may elect one of their number to preside at that meeting.

(7) The meetings of the council shall be held at such times and places as the council may determine, and the quorum for and the procedure at any meeting shall be prescribed by the statute.

(8) The council shall administer the property of the University and shall, subject to the provisions of this Act, have control of the University and of all its affairs and activities.

(9) The council may appoint committees of the council consisting of members of the council or of both members of the council and other persons, and may assign any of its powers or functions to any such committee consisting exclusively of members of the council: Provided that the council shall not be divested of any power or function which it has assigned to any such committee, and may amend or set aside any decision of any such committee at the first meeting thereafter held by the council.

10. (1) The senate shall consist of—

- (a) the principal of the University, who shall be the chairman;
- (b) two other members of the council elected by the council;
- (c) the professors of the University;
- (d) the chief administrative officer and the chief librarian of the University;
- (e) the persons appointed by the Minister with due regard to the provisions of subsection (2) in respect of each faculty of the University, who shall be professors in a corresponding faculty of the University of Pretoria or "Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys".

Senate of
University.

(2) The members of the senate appointed by the Minister under subsection (1) (e) shall not be fewer than the other members of the senate and shall be appointed after consultation with the Universities concerned.

(3) A member of the senate, other than a member referred

(5) Onderworpe aan die finansiële beheer van die raad, en behoudens die bepalings van artikel 9, behels die werksaamhede van die senaat die organisasie van en beheer oor die leerplanne en eksamens van die Universiteit.

(6) Die senaat lê van tyd tot tyd aan die raad voor—

- (a) verslae oor sy werksaamhede;
- (b) die aanbevelings omtrent aangeleenthede van belang vir die Universiteit wat hy dienstig ag; en
- (c) aanbevelings omtrent aangeleenthede wat die raad na hom verwys.

- (7) (a) Die senaat kan komitees van die senaat aanstel wat uit lede van die senaat of sowel uit lede van die senaat as ander persone bestaan, en kan aan so 'n komitee enige van die senaat se werksaamhede opdra: Met dien verstande dat die senaat nie onthef is van 'n werksaamheid wat hy aan so 'n komitee opgedra het nie en enige besluit van so 'n komitee by die eerste vergadering daarna deur die senaat gehou, kan wysig of tersyde stel.
- (b) Die senaat kan persone as assessor-lede van so 'n komitee aanstel en 'n assessor-lid kan aan alle verrigtings by 'n vergadering van die betrokke komitee deelneem, maar het nie die reg om aldaar 'n stem uit te bring nie.

Gesamentlike komitees van raad en senaat.

11. (1) Daar kan by onderlinge ooreenkoms tussen die raad en die senaat een of meer gesamentlike komitees van die raad en die senaat ingestel word.

(2) So 'n komitee bestaan uit lede onderskeidelik deur die raad en die senaat uit hul eie geledere aangestel soos in die ooreenkoms bepaal.

(3) Die raad of die senaat kan aan so 'n komitee van sy bevoegdheid of werksaamhede opdra, maar is nie onthef van 'n bevoegdheid of werksaamheid wat aan so 'n komitee opgedra is nie en kan enige beslissing deur bedoelde komitee uit hoofde van so 'n opdrag by die eersvolgende raads- of senaatsvergadering wysig of tersyde stel.

Konvokasie van Universiteit.

12. (1) Die konvokasie van die Universiteit bestaan uit—

- (a) die lede van die senaat; en
- (b) die gegradueerdes van die Universiteit:

Met dien verstande dat indien iemand wat uit hoofde van die bepalings van paragraaf (b) 'n lid van die konvokasie is of staan te word, die raad skriftelik in kennis stel dat hy nie so 'n lid wil bly of word nie, hy nie so 'n lid word nie of, na gelang van die geval, by ontvangs van bedoelde kennisgewing deur die raad, ophou om so 'n lid te wees.

(2) Vergaderings van die konvokasie word belê en gehou op die wyse en tye en vir die doeleindes by statuut voorgeskryf: Met dien verstande dat die konvokasie 'n aangeleentheid kan bespreek wat op die Universiteit betrekking het of deur die raad na hom verwys word en sy sienswyse daarvoor aan die raad kan meedeel.

Aanstelling van professore, lektore en ander dosente.

13. Die professore, lektore en ander dosente aan die Universiteit word na oorlegpleging met die senaat deur die raad aangestel.

Fakulteite.

14. Daar moet aan die Universiteit wees—

- (a) 'n fakulteit van lettere en wysbegeerte (wat departemente van regsgeleerdheid en sosiale wetenskappe insluit) en fakulteite van natuurwetenskappe, van opvoedkunde en van handelwetenskappe en administrasie; en
- (b) die ander fakulteite by statuut voorgeskryf.

Grade, diplomas en sertifikate.

15. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet kan die Universiteit in 'n fakulteit vermeld in of voorgeskryf ingevolge artikel 14 die grade toeken waarvan hy die toekenning dienstig ag.

(2) Die naam van 'n bepaalde graad in 'n fakulteit is dié wat by statuut voorgeskryf word.

(3) Behalwe soos by artikel 19 bepaal, mag die Universiteit nie 'n graad aan iemand toeken wat nie in 'n eksamen of ander toets die voorgeskrewe peil van bekwaamheid bereik het nie.

(4) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kan die Universiteit 'n diploma of sertifikaat verleen aan iemand wat 'n studiekursus gevolg het wat die Universiteit aanbied, of aan iemand anders wat na sy oordeel die kwalifikasies vir so 'n diploma of

(5) Subject to the financial control of the council and the provisions of section 9, the functions of the senate shall include the organization and control of the curricula and examinations of the University.

(6) The senate shall from time to time submit to the council—

- (a) reports on its activities;
- (b) such recommendations concerning matters of interest to the University as it may deem expedient; and
- (c) recommendations concerning matters referred to it by the council.

(7) (a) The senate may establish committees of the senate consisting of members of the senate or of both members of the senate and other persons, and may assign any of its functions to any such committee: Provided that the senate shall not be divested of any function which it has assigned to any such committee, and may amend or set aside any decision of any such committee at the first meeting thereafter held by the senate.

(b) The senate may appoint persons as assessor members of any such committee, and an assessor member may participate in all the proceedings at a meeting of the committee concerned, but shall not have the right to vote thereat.

11. (1) By mutual agreement between the council and the senate there may be established one or more joint committees of the council and the senate. Joint committees of council and senate.

(2) Any such committee shall consist of members appointed by the council and the senate, respectively, from among their own members as may be provided in the agreement.

(3) The council or the senate may assign any of its powers or functions to such a committee, but shall not be divested of any power or function assigned to such a committee, and may amend or set aside any decision of such committee in pursuance of such an assignment at the first ensuing meeting of the council or the senate.

12. (1) The convocation of the University shall consist of— Convocation of University.

- (a) the members of the senate; and
- (b) graduates of the University:

Provided that if any person, who by virtue of the provisions of paragraph (b) is or is about to become a member of the convocation, notifies the council in writing that he does not wish to remain or become such a member, he shall not become such a member or, as the case may be, shall cease to be such a member upon receipt of such notice by the council.

(2) Meetings of the convocation shall be convened and held in the manner and at the times and for the purposes prescribed by the statute: Provided that the convocation may discuss any matter that relates to the University or is referred to it by the council, and may convey its views thereon to the council.

13. The professors, lecturers and other teachers at the University shall be appointed by the council after consultation with the senate. Appointment of professors, lecturers and other teachers.

14. At the University there shall be— Faculties.

- (a) a faculty of arts (which shall include departments of law and social science) and faculties of science, of education and of commerce and administration; and
- (b) such other faculties as may be prescribed by the statute.

15. (1) The University may, subject to the provisions of this Act, confer such degrees in any faculty mentioned in or prescribed in terms of section 14 as it may deem fit. Degrees, diplomas and certificates.

(2) The designation of any particular degree in any faculty shall be as prescribed by the statute.

(3) Save as provided by section 19, the University shall not confer any degree upon any person who has not attained the prescribed standard of proficiency in an examination or other test.

(4) The University may, subject to the provisions of this Act, grant a diploma or certificate to any person who has pursued a course of study provided by the University or to

(b) iemand wat aan 'n ander universiteit (hetsy in die Republiek of elders) of aan 'n ander instelling wat deur die senaat as gelykstaande met 'n universiteit beskou word, geslaag het in eksamens wat na die oordeel van die senaat gelykwaardig is met of hoër is as die eksamens wat voorgeskryf word vir 'n graad van die Universiteit wat 'n eerste vereiste is vir 'n baccalaureus-honneursgraad of 'n magisters- of doktorsgraad van die Universiteit, as kandidaat toelaat vir 'n graad waarvoor eersbedoelde graad so 'n vereiste is.

Eksamens en ander toetse aan Universiteit.

17. 'n Eksamen of ander toets van die Universiteit word afgeneem onder die beheer van die senaat en onderworpe aan die voorwaardes wat die senaat bepaal: Met dien verstande dat so 'n eksamen of ander toets wat dien as finale toets van 'n student se peil van bekwaamheid in 'n vak of kursus wat tot 'n graad, diploma of sertifikaat lei, afgeneem moet word deur 'n eksaminator wat 'n professor of lektor van die Universiteit is, sowel as deur 'n eksaminator wat 'n professor of lektor is van 'n ander universiteit by 'n wet van die Parlement ingestel en wat die raad op aanbeveling van die senaat aanstel.

Tug.

18. 'n Student aan die Universiteit is onderworpe aan die tugbepalings wat by statuut of by reëls uitgevaardig deur die raad voorgeskryf word.

Grade *honoris causa*.

19. Behoudens die bepalinge van die statuut, kan die Universiteit ingevolge 'n besluit deur die raad geneem op aanbeveling van die senaat en sonder eksamen 'n magisters- of doktorsgraad in enige fakulteit *honoris causa* toeken aan iemand wat met onderskeiding in Suid-Afrika diens gelewer het ter bevordering van die lettere en wysbegeerte, regsgeleerdheid, sosiale wetenskappe, natuurwetenskappe, opvoedkunde, handelswetenskappe en administrasie of ander vertakkinge van geleerdheid, of aan iemand wat die raad so 'n graad waardig ag.

Toelating tot Universiteit.

20. 'n Student, navorser, professor, lektor of ander dosent of lid van die administratiewe of biblioteekpersoneel word in die Universiteit opgeneem op grond van akademiese en administratiewe kwalifikasies en bekwaamhede.

Vakatures raak nie bevoegdhede van Universiteit of raad of senaat nie.

21. 'n Vakature in die amp van kanselier of vise-kanselier van die Universiteit of 'n tekort in die ledetal van die raad of die senaat maak nie inbreuk op en raak nie die regspersoonlikheid van die Universiteit of enige bevoegdhede, regte of voorregte by hierdie Wet aan die Universiteit of die raad of die senaat verleen nie.

Samestelling en prosedure op vergaderings van raad vóór afkondiging van statuut.

22. Totdat die statuut in die *Staatskoerant* afgekondig word—
 (a) is ook lede van die raad die persone, maar hoogstens nege, wat die Minister as sodanig aanstel;
 (b) kan die Minister iemand aanstel as plaasvervangende lid vir iemand ingevolge paragraaf (a) aangestel;
 (c) kan die Minister die kworum vir en prosedure op vergaderings van die raad voorskryf, en wel op die wyse wat hy goedvind.

Kort titel.

23. Hierdie Wet heet die Wet op die Randse Afrikaanse Universiteit, 1966.

(b) admit as a candidate for the honours degree of bachelor or for the degree of master or doctor of the University any person who has passed at any other university (whether in the Republic or elsewhere) or at any other institution considered by the senate to be equivalent to a university, such examinations as in the opinion of the senate are equivalent to or higher than the examinations prescribed for a degree of the University which is a prerequisite for such honours degree of bachelor or degree of master or doctor of the University.

17. Any examination or other test of the University shall be conducted under the control of the senate and subject to such conditions as the senate may determine: Provided that any such examination or other test that serves as a final test of a student's degree of competence in any subject or course leading to a degree, diploma or certificate, shall be conducted by an examiner who is a professor or lecturer of the University as well as by an examiner appointed by the council on the recommendation of the senate who is a professor or lecturer of any other university established by Act of Parliament.

Examinations and other tests of University.

18. A student at the University shall be subject to the disciplinary provisions prescribed by the statute or by rules made by the council.

Discipline.

19. Subject to the provisions of the statute, the University may on a resolution adopted by the council on the recommendation of the senate and without examination confer a degree *honoris causa* of master or doctor in any faculty upon any person who has rendered distinguished services in South Africa in the advancement of art, jurisprudence, social science, science, education, commerce and administration or other branches of learning, or upon any person whom the council may deem worthy of such a degree.

Degrees *honoris causa*.

20. A student, research worker, professor, lecturer or other teacher or member of the administrative or library staff shall be admitted to the University on the grounds of his academic and administrative qualifications and abilities.

Admission to University.

21. No vacancy in the office of chancellor or vice-chancellor of the University or deficiency in the number of members of the council or the senate shall prejudice or affect the corporate existence of the University or any powers, rights or privileges conferred by this Act upon the University or the council or the senate.

Vacancies not to affect powers of University or council or senate.

22. Until the publication of the statute in the *Gazette*—

- (a) such persons, not exceeding nine, as the Minister may appoint as members of the council shall also be such members;
- (b) the Minister may appoint any person as an alternate to any person appointed in terms of paragraph (a);
- (c) the Minister may in such manner as he may deem fit prescribe the quorum for and procedure at meetings of the council.

Constitution and procedure at meetings of council prior to publication of statute.

23. This Act shall be called the Rand Afrikaans University Act, 1966.

Short title.

PRIVATE WET

Tot samevatting van die wetsbepalings met betrekking tot die genootskap wat onder die naam van die „Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootskap” met regs-persoonlikheid bekleed is en as die Suid-Afrikaanse Onderlinge Lewensversekeringsgenootskap bekend staan.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 18 Oktober 1966.)

NADEMAAL die Suid-Afrikaanse Onderlinge Lewensversekeringsgenootskap in die eerste instansie deur die „Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootskap Inlijvings Wet, 1888” (Wet No. 6 van 1888 (Kaap)), met regs-persoonlikheid bekleed is en tans deur die „Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootskap Private Wet, 1915” (Wet No. 16 van 1915) (hierna die Hoofwet genoem), met regs-persoonlikheid bekleed word;

EN NADEMAAL die Hoofwet deur die „Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootskap” Wysigings (Private) Wet, 1937 (Wet No. 23 van 1937), en deur die Private Wysigingswet op die „Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootskap”, 1950 (Wet No. 7 van 1950), gewysig is;

EN NADEMAAL die Hoofwet sedertdien verder gewysig is kragtens artikel 76*bis* daarvan, wat deur artikel 2 van die Private Wysigingswet op die „Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootskap”, 1950, in die Hoofwet ingevoeg is, welke wysigings deur die Kaapse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof bekragtig is deur bevel wat op 1 Desember 1950, 4 Desember 1952, 1 Maart 1962 en 5 Maart 1965 verleen is;

EN NADEMAAL dit wenslik is om die wetsbepalings met betrekking tot die genoemde Genootskap saam te vat;

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordbepaling.

1. (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- (i) „direkteur” ’n direkteur van die Genootskap, maar nie ook ’n streekdirekteur nie; (iii)
- (ii) „Genootskap” die Suid-Afrikaanse Onderlinge Lewensversekeringsgenootskap; (viii)
- (iii) „hoofbestuurder” die hoofbestuurder van die Genootskap of die persoon wat tydelik sy pligte waarneem; (iv)
- (iv) „ongevalversekeringsake” die uitreiking van, of die aanvaarding van aanspreeklikheid ingevolge versekeringspolisse by die plaasvind van persoonlike ongevallen, hetsy noodlottig al dan nie, siekte of krankheid, of enige soort persoonlike ongevallen, siekte of krankheid; (i)
- (v) „ouditeur” iemand wat ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), as rekenmeester en ouditeur geregistreer is en lid van een van die in artikel 1 van daardie Wet bedoelde vier genootskappe is en wat of behoorlik as diensdoende ouditeur van die Genootskap gekies of

No. 52, 1966.]

PRIVATE ACT

To consolidate the laws relating to the Society incorporated under the name of the South African Mutual Life Assurance Society.

*(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 18th October, 1966.)*

WHEREAS the South African Mutual Life Assurance Society was incorporated in the first instance by the South African Mutual Life Assurance Society Incorporation Act, 1888 (Act No. 6 of 1888 (Cape)), and is at present incorporated by the South African Mutual Life Assurance Society Private Act, 1915 (Act No. 16 of 1915) (hereinafter referred to as the principal Act);

AND WHEREAS the principal Act was amended by the South African Mutual Life Assurance Society Amendment (Private) Act, 1937 (Act No. 23 of 1937), and by the South African Mutual Life Assurance Society Amendment (Private) Act, 1950 (Act No. 7 of 1950);

AND WHEREAS the principal Act has since been further amended by virtue of section 76*bis* thereof which was inserted in the principal Act by section 2 of the South African Mutual Life Assurance Society Amendment (Private) Act, 1950, which amendments were confirmed by the Cape Provincial Division of the Supreme Court by orders granted on 1st December, 1950, 4th December, 1952, 1st March, 1962, and 5th March, 1965;

AND WHEREAS it is desirable to consolidate the laws relating to the said Society;

BE IT THEREFORE ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa as follows:—

1. (1) In this Act, unless the context otherwise indicates— Interpretation
of terms.
- (i) "accident assurance business" means the issue of, or the undertaking of liability under policies of insurance upon the happening of personal accidents, whether fatal or not, disease, or sickness, or any class of personal accidents, disease or sickness; (iv)
 - (ii) "auditor" means a person who is registered as an accountant and auditor in terms of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951), and is a member of one of the four societies referred to in section 1 of that Act and who has been duly elected or appointed for the time being as an auditor of the Society; (v)
 - (iii) "director" means a director of the Society but does not include a regional director; (i)
 - (iv) "general manager" means the general manager of the Society or the person for the time being performing his duties; (iii)
 - (v) "mortgage" in relation to a transaction entered into in a territory the law whereof recognizes an "equitable mortgage" shall be deemed to include such mortgage;

(2) By die toepassing van artikels 9 en 27 word bedrae wat in Suid-Afrikaanse munt uitgedruk word, geag gelykwaardige bedrae in te sluit wat uitgedruk word in 'n ander munt waarin die Genootskap polisse uitreik.

I. INLYWING VAN GENOOTSKAP.

Voortbestaan van Genootskap.

2. Die Genootskap wat oorspronklik deur die „Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootschap Inlijvings Wet, 1888” (Wet No. 6 van 1888), van die Kaap die Goeie Hoop gestig is en tans ingelyf is deur die „Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootschap Private Wet, 1915” (Wet No. 16 van 1915), bly voortbestaan, nieteenstaande die herroeping van die laasgenoemde Wet deur hierdie Wet, as 'n regs persoon onder die naam van die Suid-Afrikaanse Lewensverzekeringsgenootskap, totdat hy deur sy lede of deur geregtelike proses ontbind word, en onder hierdie naam stel hy regsdinge in en is hy aan sodanige gedinge onderworpe, verkry en vervreem hy eiendom, sluit hy ooreenkomste en doen hy al sy sake in die algemeen.

Hoofkantoor.

3. Die hoofkantoor van die Genootskap is op die plek in die Kaapse Afdeling wat die direkteure bepaal.

Bates bly soos voorheen gevestig.

4. Alle bates wat die trustees of die direkteure namens die Genootskap besit het, of waarop die Genootskap onmiddellik vóór die inwerkingtreding van hierdie Wet reg of aanspraak gehad het, bly soos voorheen aldus in hul besit of aan daardie reg of aanspraak onderworpe.

II. SAKE VAN DIE GENOOTSKAP.

Doelstellinge van die Genootskap.

5. Die Genootskap het die bevoegdheid om die volgende te doen, naamlik—

- (a) om in die algemeen die bedryf van onderlinge lewensverzekering te beoefen, met inbegrip van die verlening van uitkeerversekerings, en, sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van hierdie doel, om versekering toe te staan, met of sonder die reg om te deel in die oorskot of winste van die Genootskap, vir die betaling van geld by die plaasvind van 'n gebeurlikheid of 'n voorval afhanklik van die dood, oorlewing, huwelik, geboorte of 'n ander gebeurlikheid in die menslike lewe;
- (b) om ongevalleversekeringsake van alle soorte te doen;
- (c) om alle soorte jaargelde toe te staan, te verkoop en aan te koop, hetsy afhanklik van die menslike lewe of andersins, ewigdurend of opsegbaar, onmiddellik ingaande of uitgesteld, gebeurlik of andersins;
- (d) om enige bates wat aan die Genootskap behoort, te gelde te maak wanneer dit nodig of wenslik is om dit te doen;
- (e) om 'n risiko wat deur die Genootskap aangeneem is, te herverseker en om die herversekering van risiko's wat deur 'n ander persoon of liggaam van persone aanvaar is, te onderneem: Met dien verstande dat die risiko wat aldus herverseker word, een is wat die Genootskap self, ingevolge die bevoegdheid wat deur hierdie Wet verleen word, kon onderneem het;
- (f) om die fondse van die Genootskap op enige van die volgende maniere aan te wend en te belê—
 - (i) deur die aankoop van of die verlening van voorskotte op staatseffekte, fondse of obligasies van die Regering van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland, van Noord-Ierland, van die Republiek van Suid-Afrika of van 'n Britse Vrygewes, kolonie of besitting of 'n mandaatgebied waaroor Haar Brittanniese Majesteit of die Regering van die Republiek van Suid-Afrika die mandaat hou;
 - (ii) in effekte, fondse, obligasies of verbande van enige liggaam wat by spesiale statuut met regs persoonlikheid beklee is, of van 'n afdelingsraad, munisipaliteit of ander plaaslike bestuur wat by wet met regs persoonlikheid beklee is in die Verenigde Koninkryk van Groot Brittanje en

(2) For the purposes of sections 9 and 27, amounts expressed in South African currency shall be deemed to include amounts of equivalent value expressed in any other currency in which the Society issues policies.

I. INCORPORATION OF THE SOCIETY.

2. The Society originally established and incorporated by the South African Mutual Life Assurance Society Incorporation Act, 1888 (Act No. 6 of 1888), of the Cape of Good Hope and presently incorporated by the South African Mutual Life Assurance Society Private Act, 1915 (Act No. 16 of 1915), shall, notwithstanding the repeal of the latter Act by this Act, continue to exist as a body corporate known by the name of the South African Mutual Life Assurance Society until dissolved by its members or by legal process, and shall by such name institute and be subject to legal proceedings, acquire and alienate property, enter into agreements and generally transact all its business. Continued
existence of
Society.

3. The head office of the Society shall be at such place in the Cape Division as the directors shall determine. Head office.

4. All assets held by trustees or the directors on behalf of the Society or to which the Society had any right or claim immediately before the commencement of this Act shall continue to be so held or be subject to such right or claim as heretofore. Assets to
continue vested.

II. BUSINESS OF THE SOCIETY.

5. The Society is empowered to do the following things, that is to say— Objects of
Society.

- (a) to carry on generally the business of mutual life assurance including the grant of endowments, and without derogating from the generality of this object to grant assurance with or without the right to participate in the surplus or profits of the Society for the payment of money on the happening of any contingency or event depending on death, survivance, marriage, issue or any other contingency of human life;
- (b) to carry on accident assurance business in all its branches;
- (c) to grant, sell and purchase annuities of all kinds, whether dependent upon human life or otherwise, perpetual or terminable, immediate or deferred, contingent or otherwise;
- (d) to realise any assets belonging to the Society when it may be necessary or advisable so to do;
- (e) to re-assure any risk accepted by the Society and to undertake the re-assurance of risks accepted by any other person or body of persons: Provided that the risk so re-assured be one of those which the Society itself could have undertaken under the powers conferred by this Act;
- (f) to lay out and invest the funds of the Society in any of the modes following—
 - (i) in the purchase of or advance on the public stocks, funds or debentures of the Government of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, of the Republic of South Africa or of any British Dominion, Colony or Dependency or any mandated territory of which Her Britannic Majesty or the Government of the Republic of South Africa holds mandate;
 - (ii) upon stocks, funds, debentures or mortgages of any body incorporated by special Statute, of any divisional council, municipality or other local authority incorporated by law within the United Kingdom of Great Britain and Northern

- behoorlik as sodanig daarin of in 'n plek waar die Genootskap versekeringsake doen, met regspersoonlikheid beklee is;
- (iii) op verband op onroerende eiendom geleë in die Republiek van Suid-Afrika, die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland of 'n Britse Vrygewes, kolonie of besitting of 'n mandaatgebied waaroor Haar Brittanniese Majesteit of die Regering van die Republiek van Suid-Afrika die mandaat hou, of in enige land, staat of plek waar die Genootskap sake doen;
 - (iv) op deposito of lopende rekening, met of sonder rente, by 'n bank, aandeelmaatskappy, bouvereniging of trustmaatskappy;
 - (v) deur die aankoop van, of die verlening van voorskotte op, aandele van die Suid-Afrikaanse Reserwebank;
 - (vi) deur die inskrywing op, aankoop van of die verlening van voorskotte op aandele van die Nasionale Finansiële Korporasie;
 - (vii) in lewens-, terugvallende of ander belange, hetsy absoluut, voorwaardelik of vermoedelik, op roerende of onroerende eiendom waarin, of op die sekuriteit waarvan, die Genootskap gemagtig is om sy fondse te belê;
 - (viii) deur die aankoop van, of die verlening van voorskotte op, die aandele van enige maatskappy wat bevoeg is om enige soort versekeringsake te doen, of daardie aandele vol opbetaald is, al dan nie of in die oprigting of stigting van so 'n maatskappy: Met dien verstande dat, indien gedeeltelik opbetaalde aandele van so 'n maatskappy aangekoop word, 'n reserwefonds deur die Genootskap gestig word wat gelykwaardig is aan, en as voorsiening dien vir die bedrag wat op daardie gedeeltelik opbetaalde aandele onbetaal bly;
 - (ix) in lenings versekureer deur die sessie van lewensversekeringspolisse of van eerste verbande op onroerende eiendom met of sonder ander sekuriteit;
 - (x) deur die aankoop of verhuur van onroerende eiendom geleë in die Republiek van Suid-Afrika, die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland of in 'n Britse Vrygewes, kolonie of besitting of 'n mandaatgebied waaroor Haar Brittanniese Majesteit of die Regering van die Republiek van Suid-Afrika die mandaat hou, of in 'n land, staat of plek waar die Genootskap sake doen, en deur die oprigting van geboue daarop: Met dien verstande dat bedoelde aankoop of verhuur of oprigting van geboue goedgekeur word deur minstens twee-derdes van die getal direkteure wat op die vergadering waarop die aangeleentheid oorweeg word, teenwoordig is;
 - (xi) deur die koop van polisse wat deur die Genootskap toegestaan is, teen hoogstens die afkoopwaarde daarvan;
- (g) om die hele of 'n deel van die besigheid aan te koop of andersins te verkry, en die daarmee gepaardgaande laste oor te neem, van 'n maatskappy, met of sonder regspersoonlikheid, wat sake doen wat die Genootskap gemagtig is om te doen, en om enige deel daarvan wat nie gerieflikerwyse deur die Genootskap gedoen kan word nie, te verkoop of op 'n ander wyse van die hand te sit: Met dien verstande dat, indien hulle dit raadsaam ag, die direkteure—
- (i) enige van die sake wat deur die verkreeë onderneming gedoen is, kan voortsit; en
 - (ii) effekte, sekuriteite of eiendomme waarin die verkreeë onderneming se fondse belê is wanneer dit aldus verkry word, kan behou en besit;
- Met dien verstande voorts dat bedoelde aankoop of verkryging goedgekeur moet word deur minstens twee-derdes van die getal direkteure wat op die vergadering waarop die aangeleentheid oorweeg word, teenwoordig

- or other body corporate, duly incorporated as such either therein or in any place where the Society carries on assurance business;
- (iii) upon mortgage of immovable property situated in the Republic of South Africa, the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland or any British Dominion, Colony or Dependency or any mandated territory of which Her Britannic Majesty or the Government of the Republic of South Africa holds mandate, or in any country, state or place where the Society carries on business;
 - (iv) on deposit or current account with or without interest with any bank, joint stock company, building society or trust company;
 - (v) in the purchase of or advance on shares of the South African Reserve Bank;
 - (vi) in the subscription for, purchase of or advance on the stock of the National Finance Corporation;
 - (vii) in life, reversionary or other interests whether absolute, contingent or expectant in movable or immovable property in which or on the security of which the Society is authorized to invest its funds;
 - (viii) in the purchase of or advance on the shares of any company having power to carry on any kind of insurance business, whether such shares be fully paid up or not, or in the promotion or formation of any such company: Provided that in the event of the purchase of any partly paid up shares of any such company a reserve fund shall be created by the Society equal to and as provision for the amount remaining unpaid on such partly paid up shares;
 - (ix) in loans secured by the cession of policies of life assurance or of first mortgage bonds on immovable property with or without other security;
 - (x) in the purchase or lease of immovable property situated in the Republic of South Africa, the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland or in any British Dominion, Colony or Dependency or any mandated territory of which Her Britannic Majesty or the Government of the Republic of South Africa holds mandate, or in any country, state or place where the Society is carrying on business and the erection of buildings thereon: Provided that such purchase or lease or erection of buildings be sanctioned by not less than two-thirds in number of the directors present at the meeting at which the matter is considered;
 - (xi) in the purchase of policies granted by the Society at a sum not exceeding the surrender value thereof;
- (g) to purchase or otherwise acquire all or any part of the business and to undertake the liabilities attendant thereon of any company incorporated or unincorporated carrying on any business which the Society is authorized to carry on, and to sell or otherwise dispose of any part thereof which cannot be conveniently carried on by the Society: Provided that the directors may, if they deem it advisable—
- (i) carry on any of the business that had been carried on by the business acquired; and
 - (ii) retain and hold any stocks, securities or properties in which the business acquired has its funds invested at the time it is so acquired: Provided further that such purchase or acquisition be sanctioned by not less than two-thirds in number of the directors present at the meeting at which the matter is considered;
- (h) to underwrite or guarantee the subscription of any of the stocks, funds, shares, debentures, debenture

- (i) om die besigheid te onderneem van geld op deposito aan te neem en om geld op te neem deur die uitreiking van enige skuldakte, met of sonder sekuriteit, en, in die algemeen, om geld te leen;
- (j) om in die algemeen garansie- en getrouheidswaarborgsake van alle soorte te onderneem;
- (k) om hetsy self of deur 'n gemagtigde direkteur of beampte, of hy nou alleen of gesamentlik met 'n ander persoon of persone optree, 'n bemaking *inter vivos*, buite die Republiek van Suid-Afrika, of die amp van 'n trustee ingevolge 'n obligasie-akte, in 'n gebied waarin die Genootskap sake doen, aan te neem en te administreer;
- (l) om maatskappye, sindikate en verenigings van alle soorte op te rig, te vorm, te stig, te finansier, te bestuur en te beheer: Met dien verstande dat geen sodanige maatskappy, sindikaat of vereniging, of self of deur 'n benoemde met die bevoegdheid bedeel word om 'n vertrouensamp te aanvaar of om trust- en agentskapsake van watter aard ook al te onderneem nie, uitgesonderd dié wat val binne die bestek van 'n ander magtigende bepaling van hierdie Wet;
- (m) om een of meer van die bevoegdhede waarmee die Genootskap bekleed is, uit te oefen deur in 'n gebied waarin die Genootskap sake doen, 'n maatskappy of maatskappye of ander wettige vereniging of verenigings te vorm en te stig, en om aan daardie maatskappye of verenigings bedoelde bevoegdheid of bevoegdhede te verleen en dit daarna te finansier, te bestuur of te beheer;
- (n) om registrasie of erkenning van die Genootskap in enige ander land, staat of plek te verkry, en om beleggings of deposito's te maak en te voldoen aan die voorwaardes wat nodig of wenslik is om die Genootskap in staat te stel om in enige land, staat of plek sake te doen;
- (o) om skenkings ter bevordering van opvoeding of navorsing te doen wat, na goeë dunnke van die direkteure, voordelig vir die Genootskap of bevorderlik vir die verwesenliking van sy doelstellinge is;
- (p) om alle ander dinge te doen wat, na die oordeel van die Genootskap, in verband staan met of bevorderlik is vir die verwesenliking van bogenoemde doelstellinge.

III. AANGAANDE LEDE.

Wie lede is.

6. (1) Iemand wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet lid van die Genootskap is en iemand wat daarna 'n versekering met die Genootskap aangaan, uitgesonderd 'n nie-winsdelende tydelike of korttermynversekering, is 'n lid.

(2) Behoudens bywette wat ingevolge hierdie Wet gemaak word of geag word gemaak te gewees het, is elkeen wat in die boeke van die Genootskap aangeteken is as die eienaar van 'n polis of versekeringskontrak soos voormeld, wat verkry is deur aankoop, sessie of andersins (uitgesonderd iemand deur wie daardie polis of kontrak vir die doeleindes van 'n familie- of ander bemaking in trust gehou word nie) ook lid solank hy 'n belang in die versekering het.

Duur van lidmaatskap.

7. Elke sodanige lid is tot sy dood op die regte en voorregte van lidmaatskap geregtig, tensy alle vorderings teen die Genootskap ten opsigte van die polis wat lidmaatskap verleen, vantevore vereffen is, of tensy daardie polis verval, verbeur word of oorgedra word, of tensy die reg op daardie polis deur regs- werking oorgaan en die persoon wat daarop geregtig is, hom in die boeke van die Genootskap as die eienaar daarvan laat inskryf.

Aanspreeklikheid van lede beperk.

8. Die aanspreeklikheid van die lede is beperk tot die bedrag wat hulle werklik tot die fondse van die Genootskap bygedra het.

REGTE EN VOORREGTE VAN LEDE.

Reg om by 'n

9. (1) Wanneer 'n stemming gehou word, is elke lid geregtig om

- (i) to undertake the business of accepting money on deposit, and to raise money by the issue of any instrument of debt, with or without security, and generally, to borrow money;
- (j) to transact generally all kinds of guarantee and fidelity guarantee business;
- (k) to accept either itself or through any authorized director or official, either alone or jointly with any other person or persons, and to administer any settlement *inter vivos* outside the Republic of South Africa, or the office of a trustee under a debenture deed in any territory in which the Society may be carrying on business;
- (l) to promote, form, establish, finance, manage and control companies, syndicates and associations of all kinds: Provided that no such company, syndicate or association shall be endowed with power, either itself or through any nominated person, to accept any office of trust and confidence or to transact any kind of trust and agency business other than such as is within the terms of some other empowering provision in this Act;
- (m) to exercise any one or more of the powers vested in the Society by forming and establishing in any territory, in which the Society may be carrying on business, any company or companies or other legal association or associations, and endowing any such company or association with any such power or powers and thereafter financing, managing or controlling the same;
- (n) to procure the Society to be registered or recognized in any other country, state or place, and to make any investments or deposits and to comply with any conditions which may be necessary or expedient to enable the Society to carry on business in any country, state or place;
- (o) to make such donations in the furtherance of education or research as the directors may, in their discretion, consider beneficial to the Society or conducive to the attainment by the Society of any of its objects;
- (p) to do all such other things as the Society may think incidental or conducive to the attainment of any of the above objects.

III. OF MEMBERS.

6. (1) Every person who is at the commencement of this Act a member of the Society and every person who shall thereafter effect an assurance with the Society, other than a temporary or short term assurance without participation in profits, shall be a member. What persons to be members.

(2) Subject to any bye-laws made or deemed to have been made under this Act, every person registered in the books of the Society as the owner of a policy or contract of assurance, as aforesaid, acquired by purchase, cession, or otherwise (not being a person by whom any such policy or contract is held in trust for the purposes of family or other settlement) shall also be a member so long as he shall have an interest in the assurance.

7. Every such member shall be entitled to the rights and privileges of membership until his death, unless all claims against the Society in respect of the policy constituting membership are previously satisfied, or such policy shall lapse, be forfeited, or assigned, or unless the right to such policy passes by operation of law, and the person entitled thereto procures himself to be registered as the owner thereof, in the books of the Society. Duration of membership.

8. The liability of the members is limited to the amount of contribution actually made by them to the funds of the Society. Liability of members limited.

RIGHTS AND PRIVILEGES OF MEMBERS.

9. (1) In case of a poll being taken, every member shall be Title to vote at poll

(ii) indien die houer van enige ander polis vir 'n versekerde bedrag, met uitsluiting van bonustoevoegings, van minstens tweehonderd rand, maar minder as eenduisend rand, een stem; van eenduisend rand of meer, maar minder as drieduisend rand, twee stemme; van drieduisend rand of meer, drie stemme.

(2) Geen lid is op meer as drie stemme altesame geregtig nie.

(3) Waar twee of meer persone uit hoofde van enige polis gesamentlik lede is, is net een van hulle geregtig om ten opsigte van daardie polis te stem; en so iemand moet skriftelik deur die ander daartoe gemagtig word, en by gebreke aan sodanige magtiging is die lid wie se naam eerste in die lederegister voorkom, aldus geregtig.

Stemme van lede wat kranksinnig is.

10. (1) 'n Kranksinnige lid mag nie, behalwe deur sy kurator, stem nie.

(2) Daardie kurator mag namens die lid oor geen ander aangeleentheid as die verkiesing van direkteure stem nie, tensy hy minstens sewe dae vóór die aanvang van 'n vergadering waarop daar beoog word om 'n stem uit te bring, behoorlik aldus in die Genootskap se registers ingeskryf is.

(3) Enige ander lid kan sonder regsbystand stem.

Stemme by volmag.

11. (1) Lede is geregtig om by volmag oor alle aangeleenthede behalwe die verkiesing van direkteure te stem.

(2) Geen sodanige volmag is hoegenaamd geldig nie, tensy dit op die datum van verlyding gedateer is, en aldus gedateer is binne sestig dae voor 'n vergadering waarop daar beoog word om daarvan gebruik te maak, en dit boonop by die hoofbestuurder ingedien is, minstens sewe dae vóór die aanvang van 'n vergadering waarop daar beoog word om daarvan gebruik te maak.

(3) Niemand behalwe 'n lid van die Genootskap mag as gevolmagtigde aangestel word nie.

Stemme deur houters van algemene volmag.

12. (1) Die houer van 'n algemene volmag vir die verrigting van die sake van 'n lid wat uit die Republiek van Suid-Afrika afwesig is, kan, indien hy lid is, vir sy prinsipaal stem en, indien hy nie lid is nie, kan hy aan 'n lid 'n volmag verleen om namens sy prinsipaal oor alle aangeleenthede behalwe die verkiesing van direkteure te stem.

(2) Die reg om op 'n vergadering te stem of om 'n volmag ingevolge so 'n algemene volmag te verleen, is afhanklik van die voorlegging daarvan aan en kennisneming daarvan deur die hoofbestuurder minstens sewe dae vóór die aanvang van 'n vergadering waarop die uitoefening van daardie stemreg beoog word.

Vorm van volmag.

13. Elke volmag is in hoofsaak so na as moontlik in die volgende vorm:—

Ek, A. B., van....., lid van die Suid-Afrikaanse Onderlinge Lewensversekeringsgenootskap, benoem hiermee C. D., ook lid daarvan, as my gevolmagtigde om in my afwesigheid namens my te verskyn en oor alle sake te stem op die volgende vergadering van die Genootskap wat op die.....dag van.....19.....gehou sal word, en op 'n verdaging daarvan. Gedateer te.....hierdie.....dag van.....19.....

IV. AANGAANDE DIE DIREKTEURE.

Raad van direkteure.

14. (1) Die sake van die Genootskap staan onder die leiding en beheer van 'n raad van nege direkteure: Met dien verstande dat daardie raad bevoeg is om, by besluit wat deur minstens twee-derdes van die getal direkteure aangeneem word, die getal direkteure te vermeerder tot die getal wat die raad vasstel, maar nie meer as vyftien nie, in watter geval die raad die vereiste addisionele direkteur of direkteure kan aanstel.

(2) In geval van die dood, bedanking of onbevoegdheid van 'n direkteur, kan die oorblywende direkteure, in plaas van die vakature in die raad te laat aanvul, by besluit wat deur minstens twee-derdes van die getal van daardie direkteure aangeneem

(ii) if the holder of any other policy for a sum assured, exclusive of bonus additions, of not less than two hundred rand but under one thousand rand, one vote; of one thousand rand or more but under three thousand rand, two votes; of three thousand rand or more, three votes.

(2) No member shall be entitled to more than three votes in all.

(3) Where two or more persons are jointly members by virtue of any policy, only one of them shall be entitled to vote in respect of such policy; such one to be authorized by the other in writing, and failing such authority the member whose name stands first in the register of members shall be so entitled.

10. (1) An insane member may not vote except by his curator. **Votes of insane members.**

(2) Such curator may not vote on behalf of the member on any question other than the election of directors unless he has been duly registered as such in the Society's records at least seven days before the commencement of any meeting at which it is sought to vote.

(3) Any other member may vote without legal assistance.

11. (1) Members shall be entitled to vote by proxy upon all **Votes by proxy.** questions other than the election of directors.

(2) No such proxy will be of any validity unless it has been dated at the time of execution and has been so dated within sixty days of any meeting at which it is sought to be used and in addition has been lodged with the general manager not less than seven days before the commencement of any meeting at which it is sought to be used.

(3) No person other than a member of the Society shall be appointed a proxy.

12. (1) The holder of a general power of attorney for **Votes by holders of general power.** transacting the business of any member absent from the Republic of South Africa may, if a member, vote for his principal, and if not a member, he may grant a proxy to a member to vote on his principal's behalf upon all questions other than the election of directors.

(2) The right to vote at a meeting or grant a proxy under any such general power of attorney shall be dependent upon its having been produced to and noted by the general manager not less than seven days before the commencement of any meeting at which such voting right is sought to be exercised.

13. Every proxy shall be as nearly as is material in the **Form of proxy.** following form—

I, A. B., of....., a member of the South African Mutual Life Assurance Society, hereby appoint C. D., also a member thereof, my proxy, to appear and vote for me upon all matters in my absence, at the next meeting of the Society to be held on the.....day of19....., and at any adjournment thereof.
Dated at.....this.....day of....., 19.....

IV. OF THE DIRECTORS.

14. (1) The business of the Society shall be conducted and **Board of directors.** managed by a board of nine directors: Provided that it shall be competent for such board by a resolution agreed to by at least two-thirds in number of the directors to increase the number of the directors to such number not exceeding fifteen as the board shall determine, in which event the board may appoint the requisite additional director or directors.

(2) In the event of the death, resignation or disqualification of any director, the remaining directors may instead of causing the vacancy in the board to be filled by a resolution agreed to by at least two-thirds in number of such directors, determine

- Kworum.** 16. Enige vier van die direkteure maak 'n kworum vir die afhandeling van sake uit.
- Stemming.** 17. Behoudens uitdruklik andersluidende bepalings in hierdie Wet, word vrae wat op 'n vergadering van die raad van direkteure of 'n streekraad of 'n komitee ontstaan, by meerderheid van stemme beslis en het die voorsitter van die vergadering by 'n staking van stemme 'n tweede of beslissende stem.
- Belang sluit direkteur daarvan uit om te stem.** 18. Geen direkteur is geregtig om oor 'n saak waarin hy 'n belang behalwe sy belang as lid het, op 'n vergadering van die direkteure te stem nie.
- Fout by aanstelling, ens. maak die verrigtinge nie ongeldig nie.** 19. Geen verrigtinge van die raad van direkteure of van 'n streekraad is ongeldig weens 'n fout by die aanstelling van 'n direkteur of streekdirekteur of omdat 'n direkteur of streekdirekteur onbevoeg was nie.

BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIE RAAD.

- Bestuur van Genootskap se sake.** 20. Behoudens die bepalings van hierdie Wet en enige bywette wat daarkragtens gemaak is, of geag word gemaak te gewees het, is die raad van direkteure in die algemeen bevoeg om al die sake van die Genootskap te bestuur en te verrig.
- Voorsitter en ondervoorsitter.** 21. (1) Die direkteure kies op hulle eerste vergadering na elke algemene jaarvergadering, en daarna wanneer nodig, 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter uit hulle geledere en stel hul ampstermyn vas.
(2) Sodanige voorsitter, en by sy afwesigheid die ondervoorsitter, neem, indien aanwesig, op elke vergadering van die direkteure of lede die stoel in. As nóg die voorsitter nóg die ondervoorsitter aanwesig is, kies die aanwesige direkteure een uit hulle geledere om op so 'n vergadering voor te sit.
- Komitees.** 22. Die direkteure kan enige van hulle bevoegdhede delegeer aan komitees bestaande uit die lid of lede uit hul geledere wat hulle goedvind.
- Streekrade.** 23. Die raad van direkteure kan van tyd tot tyd enige aantal persone benoem as 'n streekraad op 'n plek waar die Genootskap sake doen, en kan soveel van sy bevoegdhede as wat hy wenslik ag, delegeer om uitgeoefen te word binne die distrik waarvoor daardie streekraad benoem is en kan te eniger tyd 'n lid van 'n streekraad afdank en 'n vakature daarin aanvul, en kan 'n streekraad ontbind en kan aan die lede van 'n streekraad die vergoeding toeken wat hy goedvind.
- Komitees en streekrade neem die Wet, bywette, ens., in ag.** 24. Elke komitee en elke streekraad is onderworpe aan hierdie Wet, die bywette van die Genootskap en enige regulasies wat deur die raad van direkteure ter voorligting van komitees en streekrade opgestel is.
- Voorsitter van komitees en streekrade.** 25. (1) 'n Komitee, of streekraad, kan 'n voorsitter vir hul vergaderings kies.
(2) Indien geen sodanige voorsitter gekies is nie of as hy nie op 'n vergadering aanwesig is nie, kan die aanwesige lede een uit hul geledere tot voorsitter van daardie vergadering kies.
- Ondertekening van dokumente.** 26. Alle dokumente, van watter aard of soort ook al, wat skriftelik of binne of buite die Republiek van Suid-Afrika deur die Genootskap verly moet word, word onderteken of andersins verly op die wyse en deur die persoon of persone, ooreenkomstig die reg, wat die direkteure by besluit voorskryf.

BEVOEGDHEID VAN DIREKTEURE.

- Bevoegdheid van direkteure.** 27. (1) Behoudens subartikel (2), kan niemand as direkteur benoem of verkies of as streekdirekteur aangestel word nie, tensy hy sowel lid van die Genootskap is asook, in die geval van die verkiesing van 'n direkteur, op die datum van die eerste publikasie in die *Staatskoerant* van die kennisgewing waarin benoemings gevra word, en, in die geval van 'n streekdirekteur, op die datum van sy aanstelling.

16. Any four of the directors shall constitute a quorum for Quorum.
the transaction of business.

17. Save as otherwise in this Act expressly provided, questions Voting.
arising at any meeting of the board of directors or regional
board, or any committee, shall be decided by a majority of
votes, and in case of an equality of votes the chairman of the
meeting shall have a second or casting vote.

18. No director shall be entitled to vote on any question in Interest to
which he has an interest, other than his interest as a member, at disqualify director
any meeting of the directors. for voting.

19. No proceedings of the board of directors or of any Defects in
regional board shall be invalid by reason of any defect in the appointment, etc.,
appointment of any director or regional director, or because not to invalidate
any director or regional director was disqualified. proceedings.

POWER AND DUTIES OF THE BOARD.

20. Subject to the provisions of this Act, and any bye-laws Management of
made or deemed to have been made under its authority, the Society's
board of directors shall have power generally to manage and business.
transact all the business of the Society.

21. (1) The directors shall at their first meeting after each Chairman and
annual general meeting, and thereafter whenever necessity deputy-chairman.
requires, elect from their number a chairman and a deputy-
chairman and determine the period for which they are to hold
office.

(2) Such chairman, and in his absence the deputy-chairman,
shall preside at every meeting of directors or members if present.
If neither the chairman nor the deputy-chairman be present the
directors present shall elect one of their number to preside at
any such meeting.

22. The directors may delegate any of their powers to com- Committees.
mittees consisting of such member or members of their body as
they think fit.

23. The board of directors may from time to time appoint Regional boards.
any number of persons to be a regional board in any place
where the Society is carrying on business, and may delegate so
much of their powers as they deem expedient to be exercised
within the district for which such regional board is appointed,
and may at any time remove any member of a regional board
and fill up any vacancy therein, and may dissolve any regional
board, and may pay to the members of a regional board such
remuneration as they think fit.

24. Every committee and every regional board shall be Committees and
subject to this Act, to the bye-laws of the Society, and to any regional boards
regulations framed by the board of directors for the guidance subject to Act,
of committees and regional boards. bye-laws, etc.

25. (1) A committee, or regional board, may elect a chair- Chairman of
man of their meetings. committees and
regional boards.

(2) If no such chairman be elected, or if he be not present at
a meeting, the members present may elect one of their number
to be chairman of such meeting.

26. All documents of whatsoever kind or nature required to Signing of
be executed in writing by the Society either within or without documents.
the Republic of South Africa, shall be signed or otherwise
executed in such manner and by such person or persons con-
formable with law, as the directors shall by resolution direct.

QUALIFICATION OF DIRECTORS.

27. (1) Subject to subsection (2) no person shall be eligible Qualification of
for nomination or election as a director or for appointment as directors.
a regional director unless he shall be both a member of the
Society and also, if the election be for a director at the date
of first publication of the notice in the Gazette calling for

(2) Ondanks die bepalings van hierdie Wet bly iemand wat op die 30ste April 1937 'n direkteur of plaaslike direkteur soos omskryf in die „Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootskap Private Wet, 1915” (Wet No. 16 van 1915), was, gekwalifiseer en kan hy in die toekoms gekies of aangestel word as direkteur of streekdirekteur na gelang van die geval solank hy die kwalifikasie wat uiteengesit is in die „Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootskap” Private Wet, 1915” voormeld voordat dié Wet deur die „Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootskap” Wysigings (Private) Wet, 1937 (Wet No. 23 van 1937), gewysig is, behou.

ONBEVOEGDHEID.

Onbevoegdheid vir amp van direkteur.

28. Niemand wat binne die tweede graad van bloed- of aanverwantskap aan 'n direkteur van die Genootskap verwant is, of deur sy eie daad aldus binne die tweede graad van aanverwantskap verwant raak, of wat 'n vennoot of in diens van 'n direkteur van die Genootskap is, mag òf tot direkteur verkies word òf as sodanig aanbly nie; ook mag niemand wat 'n direkteur, bestuurder, agent of ouditeur is of word van 'n ander genootskap of vereniging, met regspersoonlikheid bekleë al dan nie, wat lewensversekeringsake waar ook al doen, geregtig wees om tot direkteur verkies te word of om as sodanig aan te bly nie, tensy die Genootskap self 'n belang in daardie ander genootskap of vereniging het.

Oorsake wat tot vakature in amp van direkteur lei.

29. Indien 'n direkteur of streekdirekteur bedank, sterf, insolvent raak, sy boedel oormak ten voordele van, of 'n skikking tref met, sy skuldeisers, kranksinnig verklaar of andersins onbevoeg word, of drie agtereenvolgende maande van die vergaderings van die raad van direkteure of streekraad afwesig is sonder verlof van die raad van direkteure (watter verlof tot afwesigheid vir nie langer as ses maande altesaam verleen mag word nie), raak sy amp vakant, en nie meer as drie direkteure mag op een en dieselfde tyd verlof tot afwesigheid hê nie.

Ouderdomsgrens vir direkteure.

30. (1) Behoudens andersluidende bepalings van hierdie artikel, mag niemand ná die een-en-dertigste dag van Desember van die jaar wat die jaar onmiddellik voorafgaan waarin hy die ouderdom van vyf-en-sewentig jaar sal bereik, die amp van direkteur bekleë of weer as sodanig verkies word nie.

(2) 'n Direkteur wat andersins kragtens subartikel (1) sou opgehou het om sy amp te bekleë, kan ná die daarin vermelde datum as direkteur aanbly, indien die oorblywende direkteure hoogstens drie maande vóór daardie datum bepaal dat hy sy amp vir 'n verdere tydperk kan bekleë, en in so 'n geval bly hy vir daardie verdere tydperk in sy amp aan.

(3) 'n Direkteur wat uit hoofde van subartikel (2) in sy amp aanbly tot die datum waarop hy ingevolge artikel 31 moet uittree, tree ingevolge daardie artikel uit, maar is herkiesbaar as die oorblywende direkteure aldus besluit en die tydperk vasstel waarvoor hy, indien hy herkies word, sy amp moet bekleë, en in so 'n geval bly hy, indien hy herkies word, vir daardie tydperk in sy amp aan.

(4) Subartikel (3) is *mutatis mutandis* van toepassing op enige direkteur wat uit hoofde van daardie subartikel in sy amp aanbly.

(5) Die oorblywende direkteure kan te eniger tyd die tydperk wat met betrekking tot 'n direkteur ingevolge subartikel (2) of (3) deur hulle vasgestel is, verleng of verkort, maar geen sodanige tydperk strek tot ná die datum waarop daardie direkteur ingevolge artikel 31 moet uittree nie.

(6) Beslissings deur die oorblywende direkteure kragtens hierdie artikel, moet eenparig aangeneem word op 'n vergadering waarop minstens sewe van die oorblywende direkteure of drievierdes van daardie direkteure (na gelang van watter getal die grootste is) teenwoordig is.

(7) 'n Direkteur wat verkies word om 'n vakature aan te vul wat ingevolge hierdie artikel ontstaan, bekleë, mits hy bevoeg bly, sy amp tot die datum waarop sy voorganger ingevolge artikel 31 sou uitgetree het.

(8) Niks wat in hierdie artikel vervat is, is van toepassing op diegene wat op die eerste dag van Januarie 1966 'n direkteur is.

(2) Notwithstanding anything in this Act contained, any person who was on the 30th April, 1937, a director or local director as defined in the South African Mutual Life Assurance Society Private Act, 1915 (Act No. 16 of 1915), shall remain qualified and be eligible for future election or appointment as a director or regional director as the case may be so long as he shall retain the qualification set forth in the said South African Mutual Life Assurance Society Private Act, 1915, prior to the amendment thereof by the South African Mutual Life Assurance Society Amendment (Private) Act, 1937 (Act No. 23 of 1937).

DISQUALIFICATION.

28. No person who is related within the second degree of consanguinity or affinity, or who by his own act becomes so related within the second degree of affinity, to any director of the Society, or who is a co-partner or in the employ of any director of the Society shall be eligible either to be elected or to continue to be a director; nor shall any person who is, or who becomes a director, manager, agent or auditor of any other society or association incorporated or unincorporated, carrying on life assurance business anywhere, be eligible to be elected or to continue to be a director, unless the Society itself holds an interest in such other society or association.

Disqualification
for office of
director.

29. If any director or regional director shall resign, die, become insolvent, assign his estate for the benefit of, or compromise with, his creditors, be declared insane, or shall be otherwise disqualified, or shall be absent from the meetings of the board of directors or regional board for three consecutive months without leave from the board of directors (which leave of absence shall not exceed six months in all), then in every such case his office shall become vacant, and no more than three directors shall have leave of absence at any one time.

Causes creating
vacancy in office
of director.

30. (1) Save as otherwise provided in this section, no person shall hold office as a director or be eligible for election as such after the thirty-first day of December of the year immediately preceding the year in which he will attain the age of seventy-five years.

Age limit for
directors.

(2) A director who would otherwise have ceased to hold office in terms of subsection (1) may continue to be a director after the date therein referred to if not more than three months before such date the remaining directors determine that he shall hold office for a further period, and in such event he shall continue in office for such further period.

(3) A director who continues in office by virtue of subsection (2) up to the date on which he is due to retire in terms of section 31 shall retire in terms of that section, but shall be eligible for re-election if the remaining directors so decide and determine the period for which he is to hold office if re-elected, and in such event he shall if re-elected continue in office for such period.

(4) Subsection (3) shall *mutatis mutandis* apply to any director who continues in office by virtue of that subsection.

(5) The remaining directors may at any time prolong or reduce any period determined by them in relation to any director in terms of subsections (2) or (3), but no such period shall extend beyond the date on which such director is due to retire in terms of section 31.

(6) Decisions by the remaining directors under this section shall be by unanimous vote at a meeting at which not less than seven of the remaining directors or three-fourths of such directors (whichever be the larger number) are present.

(7) Any director elected to fill a vacancy arising under this section shall, provided he remains qualified, hold office until the date on which his predecessor would have retired in terms of section 31.

(8) Nothing in this section contained shall apply to the persons who were directors on the first day of January, 1962.

vyftien direkteure bestaan, die vier direkteure wat hul amp die langste beklee het, uittree, en as die raad van direkteure op die datum van 'n algemene jaarvergadering uit vyftien direkteure bestaan, die vyf direkteure wat hul amp die langste beklee het, uittree.

(2) Elke uittredende direkteur is herkiesbaar.

(3) Ten opsigte van twee of meer direkteure wat die amp vir 'n ewe lang tydperk beklee het, word die direkteur of direkteure wat moet uittree, deur die lot beslis, tensy hulle onderling anders ooreengekom het.

Vakatures word deur raad aangevul.

32. Ingeval die amp van 'n direkteur om watter rede ook al vakant raak vóór die datum waarop daardie direkteur moet uittree, kan die raad van direkteure binne drie maande van die datum waarop daardie vakature ontstaan het, iemand kies wat op die datum van bedoelde verkiesing bevoeg is om direkteur te wees, om vir die res van die tydperk waarvoor sy voorganger die amp sou beklee het, as direkteur te dien, mits hy aldus bevoeg bly.

Vakatures op ander wyse aangevul.

33. So 'n vakature wat nie deur die raad van direkteure aangevul word nie, word by gebreke aan 'n besluit van daardie raad ingevolge artikel 14 tot vermindering van die getal direkteure, aangevul op die wyse wat hierna bepaal word, en die persoon wat verkies word om daardie vakature aan te vul, beklee die amp van direkteur vir die res van die tydperk waarvoor sy voorganger die amp sou beklee het.

Ontheffing van direkteurskap.

34. Die lede is bevoeg om by meerderheid van stemme van diegene wat op 'n behoorlik byeengeroepe buitengewone algemene vergadering teenwoordig is of verteenwoordig word, 'n direkteur van sy amp te onthef en sy plek vakant te verklaar: Met dien verstande dat aanwesige of verteenwoordigde lede wat minstens een-kwart uitmaak van die stemme wat op daardie vergadering verteenwoordig is, bevoeg is om onmiddellik ná 'n verklaring deur die voorsitter van 'n beslissing ten gunste van die ontheffing van 'n direkteur van sy amp, as 'n reg te eis dat die saak vir finale beslissing by wyse van 'n stemming van alle stemgeregtigde lede voorgelê moet word. In so 'n geval word die stemming gehou op die wyse wat die voorsitter gelas en die uitslag daarvan word nadat die voorsitter dit skriftelik aangekondig het, geag die besluit te wees van die vergadering waarop die stemming aangevra was, en word dit as sodanig in die notuleboek van die Genootskap opgeteken.

Deposito wat gestort moet word deur kandidaat vir direkteurskap.

35. (1) Elke kandidaat vir verkiesing as direkteur moet binne die tydperk wat vir die ontvangs van benoemings vasgestel is, óf 'n bedrag van eenduisend rand óf sekuriteit, deur die direkteure goedgekeur, vir die behoorlike betaling van 'n bedrag van eenduisend rand aan die Genootskap, by die Genootskap deponeer, by gebreke waaraan hy geag word nie behoorlik benoem te gewees het nie.

(2) Indien so 'n kandidaat nie minstens die helfte kry van die totale getal stemme wat op die verkose kandidaat uitgebring is of, in gevalle waar meer as een direkteur gekies moet word van die totale getal stemme wat uitgebring is op die verkose kandidaat wat die minste stemme gekry het nie, verbeur hy die bedrag van eenduisend rand as dit voorheen deur hom gedeponeer is, of moet hy op aanvraag onverwyld die bedrag van eenduisend rand aan die Genootskap betaal, en 'n bedrag of bedrae wat soos voormeld verbeur of betaal is, word deur die Genootskap aangewend ter bestryding van die onkoste verbonde aan die verkiesing.

(3) Behalwe wanneer 'n gedeponeerde bedrag verbeur is, word dit aan die kandidaat terugbetaal nadat die uitslag van die verkiesing aangekondig is.

Benoeiming van kandidate vir direkteurskap.

36. Niemand word geag 'n kandidaat vir verkiesing as direkteur te wees nie, tensy hy binne die tyd wat vir die ontvangs van benoemings vasgestel is, skriftelik deur minstens vyftig lede benoem is.

Kennisgewing waarin benoemings vir direkteurskap gevra word.

37. Minstens twee-en-veertig dae vóór die datum van elke algemene jaarvergadering, asook wanneer lede ook al direkteure moet kies om tussentydse vakatures aan te vul, geskied kennisgewing in die *Staatskoerant* en in die koerante wat die direkteure

but fewer than fifteen directors, four of the directors who have been longest in office shall retire, and if at the date of any annual general meeting the board of directors shall consist of fifteen directors, five of the directors who have been longest in office shall retire.

(2) Each retiring director shall be eligible for re-election.

(3) As between two or more directors who have been in office an equal length of time the director or directors to retire shall in default of agreement between them be determined by lot.

32. In the event of the office of any director becoming from any cause vacant prior to the due date of retirement of such director, the board of directors may within three months from the date on which such vacancy arose elect any person qualified at the date of such election to be a director to hold office as a director for the remainder of the period during which his predecessor would have continued in office provided he remains so qualified. Vacancies filled by board.

33. Any such vacancy which shall not be filled by the board of directors shall, failing any resolution of such board in terms of section 14 reducing the number of directors, be filled in the manner hereinafter provided and the person elected to fill such vacancy shall hold office as a director for the remainder of the period during which his predecessor would have continued in office. Vacancies filled otherwise.

34. It shall be competent for the members by a majority of votes of those present or represented at a duly convened special general meeting, to remove a director from his office and to declare his place vacant: Provided that it shall be competent for members present or represented constituting not less than one-fourth of the votes represented at such meeting immediately after declaration by the chairman of a decision in favour of removing a director to claim as of right that the question be submitted for final decision by way of a poll of all members entitled to vote. In such event the poll shall be taken in such manner as the chairman may direct and the result thereof, when declared in writing by the chairman, shall be deemed to be the resolution of the meeting at which the poll was demanded and shall be entered as such in the minute book of the Society. Removal of director.

35. (1) Every candidate for election as a director shall within the time appointed for receiving nominations deposit with the Society either a sum of one thousand rand or security approved of by the directors for the due payment to the Society of a sum of one thousand rand, failing which he shall be deemed not to have been duly nominated. Deposit to be made by nominated candidate for directorship.

(2) If any such candidate does not secure at least one-half of the total number of votes polled by the successful candidate, or of the total number of votes polled by the successful candidate obtaining the least number of votes in cases where more than one director is required to be elected, he shall forfeit the sum of one thousand rand if previously deposited by him or shall forthwith on demand pay to the Society the sum of one thousand rand, and any sum or sums forfeited or paid as aforesaid shall be used by the Society towards the expenses of the election.

(3) Save where any sum deposited has become forfeited it shall be returned to the candidate after the result of the election has been declared.

36. No person shall be deemed to be a candidate for election as a director unless he has been nominated in writing by not less than fifty members within the time appointed for receiving nominations. Nomination of candidates for directorship.

37. Not less than forty-two days before the date of every annual general meeting, and whenever members are to elect directors to fill casual vacancies, notice shall be given in the *Gazette*, and in such newspapers as the directors think fit, inviting nominations of candidates to fill the vacancies existing Notice inviting nomination for directorship.

Verkiesing wanneer getal kandidate nie meer is as vereis word nie.

39. Indien die getal kandidate wat behoorlik benoem is, nie meer is as die getal direkteure wat verkies moet word nie, word die benoemde kandidate geag die gekose direkteure te wees, met onmiddellike inwerktrading in die geval van direkteure wat verkies is om tussentydse vakatures aan te vul, en, in alle ander gevalle, met inwerktrading ná afloop van die algemene jaarvergadering waarop die vakature ontstaan.

Waar geen kandidate of minder as benodigde getal benoem word.

40. (1) Indien by verstryking van die tyd wat vir die ontvangs van benoemings vasgestel is, geen benoemings ingestuur is nie, of indien die getal behoorlik benoemde kandidate minder is as die getal direkteure wat verkies moet word, word die benoemde kandidate (as daar is) geag verkies te wees, en die raad van direkteure vul daarna enige vakature waarvoor niemand benoem is nie, aan.

(2) Sodanige verkiesing is onmiddellik van krag in die geval van 'n direkteur wat verkies is om 'n tussentydse vakature aan te vul, en is, in alle ander gevalle, van krag ná afloop van die algemene jaarvergadering waarop die vakature ontstaan.

Waar getal kandidate meer is as die getal direkteure wat verkies moet word.

41. (1) Indien die getal kandidate wat behoorlik benoem is meer is as die getal direkteure wat verkies moet word, stuur die hoofbestuurder onverwyld na die aangetekende adres van elke lid wat ingeskryf is op die laaste dag waarop benoemings ontvang kan word, 'n omsendbrief waarin die bestaande vakatures aangegee word, asook 'n gedrukte stembriefie in Afrikaans en Engels en 'n koevert met die adres van die hoofbestuurder en die woord „Stembriefie” daarop gedruk.

(2) Toevallige versuim om een of meer van die in subartikel (1) bedoelde stukke aan 'n lid af te stuur, of die feit dat iemand wat daarop geregtig is, dit nie ontvang nie, maak 'n verkiesing van direkteure nie ongeldig nie.

(3) Die stembriefie neem die vorm aan wat die direkteure goedkeur, en subartikels (4), (5) en (6) van hierdie artikel moet daarop gedruk wees.

(4) (a) Elke lid kan vir soveel kandidate as wat daar vakatures is, of vir 'n kleiner getal stem.

(b) Die volle getal stemme waarop die lid ingevolge artikel 9 geregtig is, val toe aan elke kandidaat vir wie hy stem.

(c) Die kurator van 'n kranksinnige lid kan namens daardie lid stem en die houër van 'n algemene volmag van 'n lid wat uit die Republiek van Suid-Afrika afwesig is, kan, indien hy lid is, namens sy prinsipaal stem.

(5) Die stembriefie moet, nadat dit ingevul is, in die verskafte koevert of in een waarop dieselfde adres aangebring is en wat „Stembriefie” gemerk is, deur die lid regstreeks aan die hoofbestuurder teruggestuur word, sodat dit hom uiterlik op 'n tyd en datum wat op die stembriefie aangegee word, bereik, anders word dit nie in aanmerking geneem nie.

(6) (a) 'n Lid kan sy stem slegs op 'n gedrukte stembriefie wat deur die Genootskap verskaf word, uitbring.

(b) 'n Duplikaat-stembriefie word aan 'n lid uitgereik by die lewering van bewys tot bevrediging van die direkteure dat hy sy stembriefie nie ontvang het nie, dit verloor het of dat dit vernietig is.

Opneming van stembriefies.

42. (1) Die hoofbestuurder hou alle stembriefies wat soos voormeld, aan hom geadresseer is, ongeopend in sy bewaring en oorhandig dit op die laaste dag wat vir die ontvangs van stembriefies vasgestel is, aan die stemopnemers wat vir die nagaan van die stemme aangestel is.

(2) Sodanige stemopnemers word indien hulle nie op 'n algemene vergadering aangestel word nie, deur die direkteure aangestel.

Verslag van stemopneming en beslissing ingeval stemme staak.

43. (1) By voltooiing van die stemopneming doen die stemopnemers skriftelik verslag van die uitslag aan die hoofbestuurder, en die kandidaat of, ingeval daar meer as een vakature was, die kandidate wat die meerderheid van stemme het, word geag behoorlik verkies te wees, met onmiddellike inwerkingtrading in die geval van 'n direkteur wat verkies is om 'n tussentydse vakature aan te vul, en, in alle ander gevalle, met inwerktrading ná afloop van die algemene jaarvergadering waarop die vakature ontstaan.

39. If no greater number of candidates be duly nominated than the number of directors to be elected, the candidates nominated shall be deemed to be elected directors, in the case of directors elected to fill casual vacancies, with immediate effect, and in all other cases, with effect from the conclusion of the annual general meeting at which the vacancy occurs.

Election when number of candidates not greater than required.

40. (1) If at the expiration of the time appointed for the receipt of nominations, none be sent in, or if the number of candidates duly nominated shall be less than the number of directors to be elected, the candidates nominated (if any) shall be deemed to be elected, and the board of directors shall thereupon fill any vacancy for which no nomination has been made.

Where no candidates or less than the number required.

(2) Such election shall take effect immediately in the case of a director elected to fill a casual vacancy, and in all other cases, shall take effect from the conclusion of the annual general meeting at which the vacancy occurs.

41. (1) If the number of candidates duly nominated exceeds the number of directors to be elected the general manager shall without delay forward to the registered address of every member registered on the last day on which nominations may be received a circular stating what vacancies exist and a printed voting paper in English and Afrikaans, and an envelope with the address of the general manager and the words "Voting Paper" printed thereon.

Where number of candidates exceeds the number of directors to be elected.

(2) The accidental omission to forward to any member any of the documents referred to in subsection (1), or the non-receipt thereof by any person entitled thereto, shall not invalidate any election of directors.

(3) The voting paper shall be in such form as the directors shall approve and shall have printed thereon subsections (4), (5) and (6) of this section.

(4) (a) Each member may vote for as many candidates as there are vacancies or for a lesser number.

(b) The full number of votes to which the member is entitled in terms of section 9 shall accrue to each candidate for whom he votes.

(c) The curator of an insane member may vote on behalf of such member and the holder of a general power of attorney of a member who is absent from the Republic of South Africa may, if a member, vote on behalf of his principal.

(5) The voting paper shall, when completed, be returned by the member direct to the general manager in the envelope supplied or in one similarly addressed and marked "Voting Paper", so as to reach him not later than a time and date to be specified in the voting paper, failing which it shall not be taken into account.

(6) (a) A member may record his vote only on a printed voting paper supplied by the Society.

(b) A duplicate voting paper shall be issued to a member upon production of evidence satisfactory to the directors of the non-receipt, loss or destruction of his voting paper.

42. (1) The general manager shall retain unopened all voting papers addressed to him as aforesaid and shall deliver the same on the last date fixed for the receipt of voting papers to the scrutineers appointed for examining the votes.

Scrutiny of voting papers.

(2) Such scrutineers, if not appointed by a general meeting, shall be appointed by the directors.

43. (1) Upon the completion of the scrutiny the scrutineers shall report the result in writing to the general manager, and the candidate, or in the event of there being more than one vacancy, the candidates having the majority of votes shall be deemed duly elected with immediate effect in the case of a director elected to fill a casual vacancy, and in all other cases, with effect from the conclusion of the annual general meeting at which the

Report of scrutiny and determination of equality of voting.

Waar kandidaat voor laaste dag vir ontvangs van stembriefies sterf of ophou om bevoeg te wees.

44. (1) Indien 'n verkiesing van direkteure ooreenkomstig artikel 41 nodig is, en indien een of meer van bedoelde behoorlik benoemde kandidate vóór die sluitingstyd en -datum vir die ontvangs van stembriefies deur die hoofbestuurder ingevolge genoemde artikel, sterf, of ingevolge artikel 28 of 29 ophou om vir verkiesing tot direkteur bevoeg te wees, word geen omsendbriewe of stembriefies, soos deur artikel 41 vereis, uitgestuur nie, en indien uitgestuur, word daardie omsendbriewe en stembriefies geag nietig verklaar te wees.

(2) Die direkteure laat daarna onverwyld, op die wyse in artikels 37 en 38 bepaal, 'n nuwe, toepaslike kennisgewing publiseer, waarin benoemings gevra word slegs van addisionele kandidate benewens diegene wat tevore behoorlik benoem is, wat nie opnuut benoem hoef te word nie, en daarna moet aan artikels 39, 40, 41, 42 en 43 gevolg gegee word: Met dien verstande dat 'n uittredende direkteur, indien nodig, in sy amp as sodanig aanbly ná die datum van die eersvolgende algemene jaarvergadering, tot tyd en wyl 'n ander persoon behoorlik ingevolge die voormelde artikels in sy plek verkies is.

V. OUDIT.

Voortdurende oudit.

45. Daar moet 'n voortdurende oudit van die rekeninge van die Genootskap deur twee ouditeure wees.

Ouditeur kan boeke ens. nagaan, om inligting vra, ens.

46. 'n Ouditeur kan die rekeninge van dag tot dag nagaan en die ouditeure kan gesamentlik op alle gerieflike tye om al die boeke, rekeninge, bewysstukke en sekuriteite van die Genootskap vra, dit nasien en ondersoek en kan die inligting of verduideliking wat vir die uitvoering van hulle pligte nodig is, van die direkteure en die amptenare of klerke van die Genootskap verlang.

Verkiesing van ouditeure.

47. (1) Die ouditeure word elke jaar op die algemene jaarvergadering van die Genootskap gekies.

(2) Niemand word geag 'n kandidaat vir verkiesing as ouditeur te wees nie tensy hy binne die bepaalde tyd vir die ontvangs van benoemings skriftelik deur minstens vyf lede benoem word.

(3) Minstens twee-en-veertig dae vóór die datum van elke algemene jaarvergadering, geskied kennisgewing in die *Staatskoerant* en in die koerante wat die direkteure goedvind, waarin benoemings gevra word van kandidate om die vakatures wat bestaan of gaan ontstaan, aan te vul.

(4) Bedoelde kennisgewing bepaal 'n dag, wat nie minder as veertien dae van die eerste publikasie in die *Staatskoerant* is nie, as die laaste dag waarop benoemings ontvang sal word.

(5) Indien die getal kandidate wat behoorlik benoem is, nie meer is as die getal ouditeure wat verkies moet word nie, word die benoemde kandidate geag die gekose ouditeure te wees.

(6) Indien by verstryking van die tyd wat vir die ontvangs van benoemings vasgestel is, geen benoemings ingestuur is nie, of indien die getal behoorlik benoemde kandidate minder is as die getal ouditeure wat verkies moet word, word die benoemde kandidaat geag verkies te wees en die direkteure vul daarna 'n vakature waarvoor daar geen benoemings was nie, aan.

Onbevoegdheid vir ouditeurskap.

48. (1) Geen direkteur of amptenaar van die Genootskap kan as ouditeur aangestel word nie.

(2) 'n Ouditeur wat uittree, kan herkies word.

Vakatures in amp van ouditeur.

49. Die amp van ouditeur raak vakant by dood, bedanking, veroordeling weens 'n misdryf waarvoor gevangenisstraf opgelê is, of wanneer 'n ouditeur na die oordeel van die raad van direkteure onbekwaam blyk te wees of sy plig versuim.

Die aanvulling van vakatures.

50. Die direkteure kan 'n ouditeur aanstel om 'n vakature wat soos voormeld ontstaan, aan te vul en om sy amp te beklee tot die eersvolgende algemene jaarvergadering en kan 'n plaasvervanger aanstel om waar te neem in die plek van 'n ouditeur aan wie die raad van direkteure verlof tot afwesigheid toegestaan het: Met dien verstande dat daardie verlof tot afwesigheid nie langer as ses maande in een jaar is nie.

44. (1) If in terms of section 41 an election of directors has become necessary, and if before the closing time and date for the receipt of voting papers by the general manager under the said section, any one or more of such duly nominated candidates dies, or by reason of section 28 or 29 ceases to be qualified for election as a director, no circulars or voting papers as required by section 41 shall be issued and if issued, such circulars and voting papers shall be regarded as annulled.

Where candidate dies or is disqualified before last date for receipt of voting papers.

(2) The directors shall thereupon forthwith cause a fresh appropriate notice to be published in the manner provided in sections 37 and 38 inviting nominations only of any additional candidates other than those previously duly nominated, who shall not be required to be re-nominated, and thereafter sections 39, 40, 41, 42 and 43 shall be given effect to: Provided that any retiring director shall if necessary continue in office as such after the date of the next annual general meeting until such time as some other person has been duly elected in his place in terms of the aforesaid sections.

V. AUDIT.

45. There shall be a continuous audit of the accounts of the Society by two auditors.

Continuous audit.

46. An auditor may examine the accounts from day to day and the auditors jointly may at all convenient times call for, inspect and examine all the books, accounts, vouchers and securities of the Society, and may require from the directors and the officers or clerks of the Society such information or explanation as may be necessary for the performance of their duties.

Auditor may examine books, etc., call for information, etc.

47. (1) The auditors shall be elected each year at the annual general meeting of the Society.

Election of auditors.

(2) No person shall be deemed to be a candidate for election as auditor unless he shall be nominated in writing by not less than five members within the time appointed for receiving nominations.

(3) Not less than forty-two days before the date of every annual general meeting, notice shall be given in the *Gazette* and in such newspapers as the directors think fit, inviting nominations of candidates to fill the vacancies existing or to arise.

(4) Such notice shall specify a day, not being less than fourteen days from the first publication in the *Gazette*, as the last day on which nominations will be received.

(5) If no greater number of candidates be duly nominated than the number of auditors to be elected, the candidates nominated shall be deemed to be elected auditors.

(6) If at the expiration of the time appointed for the receipt of nominations none be sent in, or if the number of candidates duly nominated shall be less than the number of auditors to be elected, the candidate nominated shall be deemed to be elected, and the directors shall thereupon fill any vacancy for which no nomination has been made.

48. (1) No director or officer of the Society shall be eligible for appointment as an auditor.

Disqualifications for auditorship.

(2) Any auditor retiring from office shall be eligible for re-election.

49. The office of auditor shall become vacant by death, resignation, conviction of any offence punished by imprisonment, or when an auditor shall in the opinion of the board of directors prove incompetent or neglect his duty.

Vacancies in office of auditor.

50. The directors may appoint an auditor to fill any vacancy arising as aforesaid, to hold office until the next annual general meeting, and may appoint a substitute to act in place of any auditor to whom the board of directors may have granted leave of absence: Provided that such leave of absence shall not ex-

Filling vacancies.

VI. ALGEMENE VERGADERINGS.

- Algemene jaarvergadering.** 52. 'n Algemene jaarvergadering van die Genootskap word uiterlik op die laaste dag van Desember in elke jaar, op die plek, dag en uur wat die raad van direkteure vasstel, gehou.
- Buitengewone algemene vergaderings.** 53. Ander vergaderings van die Genootskap word buitengewone algemene vergaderings genoem.
- Voorsitter by algemene vergaderings.** 54. Die voorsitter, indien aanwesig, en by sy afwesigheid, die ondervoorsitter, indien aanwesig, en by sy afwesigheid, die direkteur wat die aanwesige direkteure kies, sit op alle vergaderings van die Genootskap voor.
- Die belê van buitengewone algemene vergaderings** 55. 'n Buitengewone algemene vergadering kan te eniger tyd deur die raad van direkteure belê word en word aldus belê op 'n skriftelike aanvraag wat by die hoofkantoor van die Genootskap afgelewer word en onderteken is deur minstens tweehonderd lede wat reeds minstens een jaar lank lede is en geregtig is om te stem, watter aanvraag die doel waarvoor daar verlang word dat die vergadering gehou moet word, duidelik moet meld.
- Kennisgewing van buitengewone algemene vergaderings.** 56. Kennisgewing van 'n buitengewone algemene vergadering word gepubliseer binne tien dae na die aflewering van die aanvraag in artikel 55 vermeld.
- Kennisgewing geskied deur middel van advertensie.** 57. (1) Minstens dertig dae voor elke vergadering van die Genootskap moet kennis daarvan gegee word deur middel van 'n advertensie in die *Staatskoerant* en in daardie koerante wat die direkteure bepaal.
(2) Sodanige kennisgewing vermeld die dag, plek en uur van die vergadering en, in die geval van 'n buitengewone algemene vergadering, die aard van die sake wat daarop afgehandel sal word.
- Sake beperk tot dié wat in kennisgewing uiteengesit word.** 58. Geen sake, behalwe dié wat vermeld word in die kennisgewing wat sodanige vergadering belê, word aan 'n buitengewone algemene vergadering voorgelê nie.
- Gewone en buitengewone sake op jaarvergadering.** 59. Op 'n algemene jaarvergadering word die oorweging van die verslag, rekeninge en balansstaat en die verkiesing van direkteure en ouditeure geag gewone sake te wees en alle ander sake word geag buitengewone sake te wees.
- Oorweging van buitengewone sake.** 60. Die direkteure kan, na goeë dunnke, op die algemene jaarvergadering die oorweging toelaat van buitengewone sake waarvan die aard minstens dertig dae voor die datum van daardie vergadering skriftelik deur 'n lid aan hulle bekend gemaak is, en gemelde sake moet op dieselfde wyse as by artikel 57 bepaal word, minstens een-en-twintig dae vóór die vergadering geadverteer word.
- Kworum.** 61. (1) Op 'n algemene jaarvergadering maak twaalf lede wat persoonlik aanwesig is, 'n kworum uit vir die afhandeling van gewone sake.
(2) Op 'n buitengewone algemene vergadering of vir die afhandeling van ander sake as die gewone sake op 'n algemene jaarvergadering, maak vyftig lede wat persoonlik aanwesig is, 'n kworum uit.
- Onvoldoende getal teenwoordig op algemene vergaderings.** 62. (1) Indien 'n voldoende getal lede om 'n kworum uit te maak, nie binne dertig minute ná die tyd wat vir 'n algemene vergadering vasgestel is, aanwesig is nie, word die vergadering, indien dit op aanvraag van lede belê is, ontbind.
(2) In iedere ander geval word die vergadering verdaag tot dieselfde dag van die volgende week, op dieselfde tyd en plek, of tot 'n ander dag, nie meer as veertien dae na daardie vergadering nie, wat 'n meerderheid van lede wat persoonlik aanwesig is, dan vasstel, en indien 'n kworum nie by daardie verdaagde vergadering aanwesig is nie, word dit ontbind.
- Verdagging van vergaderings.** 63. Die voorsitter van 'n behoorlik saamgestelde vergadering kan dit, met die toestemming van die meerderheid van die aanwesige lede, van tyd tot tyd en van plek tot plek verdaag.

VI. OF GENERAL MEETINGS.

52. An annual general meeting of the Society shall be held not later than the last day of December in every year at such place, day and hour as the board of directors may determine. Annual general meeting.
53. Other meetings of the Society shall be called special general meetings. Special general meetings.
54. The Chairman if present, and failing him the deputy-chairman if present, and failing him, such director as the directors present shall elect, shall preside at all meetings of the Society. Chairman at general meetings.
55. A special general meeting may be convened by the board of directors at any time, and shall be so convened upon a written requisition delivered at the head office of the Society, signed by not less than two hundred members who have been members for not less than one year, and who are entitled to vote, which requisition shall express distinctly the object for which it is desired that the meeting shall be held. Convening of special general meetings.
56. Notice of a special general meeting shall be published within ten days after the delivery of any such requisition as is referred to in section 55. Notice of special general meetings.
57. (1) Not less than thirty days' notice of every meeting of the Society shall be given by advertisement in the *Gazette* and in such newspapers as the directors shall determine. Notice to be by advertisement.
(2) Such notice shall specify the day, place and hour of the meeting, and in case of a special general meeting, the nature of the business to be transacted thereat.
58. No business shall be brought before any special general meeting except that set forth in the notice convening such meeting. Business limited to that set forth in notice.
59. At an annual general meeting the consideration of the report, accounts and balance sheet, and the election of directors and auditors shall be deemed ordinary business; and all other business shall be deemed special business. Ordinary and special business at annual meeting.
60. The directors may, if they think fit, permit the consideration of any special business at the annual general meeting, the purport of which shall have been intimated to them in writing by any member not less than thirty days before the day of such meeting, the said business to be advertised in like manner as in section 57 provided not less than twenty-one days before such meeting. Consideration of special business.
61. (1) At an annual general meeting twelve members personally present shall constitute a quorum for the transaction of the ordinary business. Quorum.
(2) At a special general meeting, or for the transaction of any business other than the ordinary business at an annual general meeting, fifty members personally present shall constitute a quorum.
62. (1) If within thirty minutes after the time appointed for a general meeting a sufficient number of members to form a quorum is not present, the meeting, if convened upon the requisition of members, shall be dissolved. Insufficient number present at general meetings.
(2) In any other case such meeting shall stand adjourned to the same day in the next week, at the same hour and place, or to such other day not being more than fourteen days after such meeting as a majority of members personally present may then appoint, and if at such adjourned meeting a quorum be not present, it shall then be dissolved.
63. The chairman of any duly constituted meeting may, with the consent of the majority of the members present, adjourn it from time to time and from place to place. Adjournment of meetings.

algemene vergadering voorgelê word, word daardie vraag tensy 'n stemming onmiddellik ná die verklaring van die voorsitter en vóór daar tot die oorweging van ander sake oorgegaan is, aangevra word, met handopsteking beslis, waarby elke lid as een stem tel, en die verklaring van die voorsitter op daardie vergadering dat 'n besluit aangeneem is en 'n inskrywing in dier voege daarvan in die notuleboek van die Genootskap is afdoende bewys van die feit.

Wyse van stemming indien stemming aangevra.

66. Indien 'n stemming deur een-vierde of meer van die aanwesige lede aangevra word of indien 'n bepaalde deel van die stemme van die lede vereis word vir die beslissing van die vraag, word 'n stemming van al die stemme wat op die vergadering verteenwoordig word, gehou op die wyse wat die voorsitter voorskryf, en die uitslag daarvan, wanneer dit skriftelik deur die voorsitter bekend gemaak word, word geag die besluit te wees van die vergadering waarop die stemming aangevra is, en word as sodanig in die notuleboek van die Genootskap opgeteken.

Voorsitter se beslissende stem.

67. Ingeval 'n gelyke getal hande vir en teen 'n besluit opgesteek word, of ingeval die stemme by 'n stemming staak, is die voorsitter van die vergadering geregtig op 'n beslissende stem bo en behalwe sy stem of stemme as lid.

VII. BYWETTE.

Uitvaardiging van bywette.

68. Die direkteure kan die bywette (wat nie in stryd met hierdie Wet of die reg mag wees nie) uitvaardig wat nodig is vir die uitvoering en verwesenliking van die bepalings en doelstellinge van hierdie Wet, vir die algemene bestuur en beheer van die sake en amptenare van die Genootskap en vir die skepping van fondse wat daarop gemik is om bedoelde amptenare of oud-amptenare van die Genootskap of hulle afhanklikes by wyse van pensioene, toelaes of andersins te bevoordeel.

Kennisgewing van voorgename bywette.

69. Kennisgewing van die opstelling van bedoelde bywette en dat dit vir 'n tydperk van minstens dertig dae aan die hoofkantoor van die Genootskap ter insae van lede lê, geskied in die *Staatskoerant* en in die koerante wat die direkteure goedvind.

Besware daarteen.

70. Indien vóór verstryking van die tydperk wat in die kennisgewing vermeld word, geen beswaar teen bedoelde bywette aangeteken word deur minstens vyftig lede wat geregtig is om te stem nie, is dit, todat dit herroep word, bindend vir die direkteure, lede en amptenare van die Genootskap.

Hoe daar met besware gehandel moet word.

71. Ingeval daar soos voormeld, teen enige bywet beswaar gemaak word, laat die direkteure dit vaar of lê hulle dit op 'n algemene jaar- of buitengewone algemene vergadering voor.

Herroeping van bywette op algemene vergadering.

72. 'n Bywet kan op 'n algemene vergadering herroep word by besluit (waarvan behoorlik kennis gegee is soos deur hierdie Wet bepaal) wat aangeneem is met 'n meerderheid van stemme van daardie stemgeregtigde lede van die Genootskap wat persoonlik teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde stem.

Wysiging van bepalings van Wet.

73. (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel kan die Genootskap by besluit van sy lede enige van voorgaande bepalings van hierdie Wet, behalwe dié in artikels 2, 6 en 8 vervat, wysig of aanvul vir sover dit nodig mag wees om hom in staat te stel—

- (a) om sy sake spaarsamer of deegliker te doen; of
- (b) om sy hoofdoel deur nuwe of verbeterde middels te bereik;
- (c) om die plaaslike bedryfskring uit te brei of te verander; of
- (d) om sake te doen wat onder bestaande omstandighede gerieflikerwys of voordelig met die sake van die Genootskap verenig kan word:

Met dien verstande dat geen sodanige verandering of toevoeging voorsiening maak vir 'n aangeleentheid wat nie regtens inbegrepe mag wees in die akte van oprigting of die statute van 'n maatskappy wat ingevolge die Maatskappywet, 1926 (Wet No. 46 van 1926), geregistreer is nie, en by die toepassing van hierdie subartikel word die hoofdoel van die Genootskap nie verander.

the consideration of a general meeting, such question, unless a poll be demanded immediately after the declaration of the chairman and before the consideration of any other business shall have been proceeded with, shall be decided by a show of hands, each member counting for one vote, and the declaration of the chairman at such meeting that a resolution has been carried, and an entry to that effect in the minute book of the Society, shall be conclusive evidence of the fact.

66. If a poll is demanded by one-fourth or more of the members present or if a specified proportion of the votes of the members is required for the determination of the question, a poll of all votes represented at the meeting shall be taken in such manner as the chairman may direct and the result thereof, when declared in writing by the chairman, shall be deemed to be the resolution of the meeting at which the poll was demanded and shall be entered as such in the minute book of the Society.

Voting on a poll.

67. In the event of an equal number of hands being held up for and against any resolution, or of an equality of votes when a poll is taken, the chairman of the meeting shall be entitled to a casting vote in addition to his vote or votes as a member.

Chairman's casting vote.

VII. BYE-LAWS.

68. The directors may make such bye-laws, not being repugnant to this Act or contrary to law, as may be necessary for carrying out and achieving the provisions and objects of this Act, for the general management and control of the business and officers of the Society, and for establishing funds calculated to benefit by way of pension, allowance or otherwise such officers or ex-officers of the Society or the dependants of such persons.

Making of bye-laws.

69. Notice shall be given in the *Gazette* and in such newspapers as the directors shall see fit, of the framing of such bye-laws, and that the same are open to the inspection of members at the head office of the Society during a period of not less than thirty days.

Notice of intended bye-laws.

70. If such bye-laws are not objected to by at least fifty members entitled to vote before the expiration of the period stated in the notice, the same shall then be binding upon the directors, members, and officers of the Society, until repealed.

Objections thereto.

71. In case any such bye-law shall be objected to as aforesaid, the directors shall either abandon the same, or submit it to an annual or special general meeting.

Mode of dealing with objections.

72. Any bye-law may be repealed at a general meeting by a resolution (of which due notice has been given as by this Act provided) passed by a majority of votes of such members of the Society entitled to vote as are present in person or by proxy.

Repeal of bye-laws at general meeting.

73. (1) Subject to the provisions of this section the Society may by resolution of its members alter or add to any of the foregoing provisions of this Act other than those contained in sections 2, 6 and 8, so far as may be required to enable it—

- (a) to carry on its business more economically or more efficiently; or
- (b) to attain its main purpose by new or improved means; or
- (c) to enlarge or change the local area of its operations; or
- (d) to carry on some business which under existing circumstances may conveniently or advantageously be combined with the business of the Society:

Alteration of provisions of Act.

Provided that no such alteration or addition shall make provision for any matter which could not lawfully be included in the memorandum of association or articles of association of a company registered under the Companies Act, 1926 (Act No. 46 of 1926), and for the purposes of this subsection the main

stel in te dien en die algemene aard daarvan, by wyse van 'n advertensie in die *Staatskoerant* en in daardie koerante wat die direkteure van die Genootskap bepaal.

(3) Op so 'n vergadering word die prosedure in alle opsigte bepaal deur die reg wat dan op vergaderings van die Genootskap van toepassing is.

(4) Die verandering of toevoeging tree nie in werking nie, tot tyd en wyl en behalwe vir sover dit deur die Kaapse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof op petisie bekragtig word.

(5) Artikel 11 (3), (4), (5), (6) en (7) van die Maatskappywet, 1926, is *mutatis mutandis* van toepassing op alle verrigtinge ingevolge hierdie artikel: Met dien verstande dat by die toepassing daarvan die Genootskap geag word 'n maatskappy te wees en die genoemde artikel 11 vertolk word asof die wysiging daarvan deur artikel 7 van die Wysigingswet op Maatskappye, 1952 (Wet No. 46 van 1952), nie plaasgevind het nie.

VIII. GEMENGDE BEPALINGS.

Kennisgewing van die oormak van polisse vereis.

74. Geen oormaking van 'n polis verleen die reg aan die sessionaris wat daarin genoem word, sy eksekuteurs, administrateurs of regverkrygendes om die Genootskap te dagvaar om die bedrag van daardie polis of die geld wat daardeur verassureer of verseker word nie, tot tyd en wyl daar skriftelik kennis van die datum en inhoud van daardie oormaking aan die Genootskap by sy hoofkantoor gegee is; en 'n voorskot of betaling te goeder trou wat deur die Genootskap op of ten opsigte van 'n polis verleen of gedoen word vóór die datum waarop daardie kennisgewing ontvang is, is geldig en van krag teen die sessionaris of ander persoon wat daardie kennis gee.

Vrywaring van direkteure, trustees, amptenare en klerke.

75. (1) Elke direkteur, trustee, amptenaar en klerk van die Genootskap word deur die Genootskap uit sy fondse gevrywaar ten opsigte van alle koste, verliese en uitgawes wat hy in die uitvoering van sy pligte ly of aangaan.

(2) Geen direkteur of trustee van die Genootskap is aanspreeklik vir die daade, die versuim of die foute van 'n ander direkteur of trustee, of van 'n amptenaar of klerk van die Genootskap nie, of vir die meedoen aan 'n daad ter wille van eenvormigheid, of vir verlies of uitgawe wat die Genootskap ly of moet aangaan weens 'n onvoldoende of gebrekkige titelbewys van 'n eiendom wat deur of op las van die direkteur vir of ten behoeve van die Genootskap verkry is, of vir die ontoereikendheid of gebrekkigheid van 'n sekuriteit waarop geld van die Genootskap belê is, of vir verlies of skade wat ontstaan uit die insolvensie of wederregtelike daad van iemand by wie geld, sekuriteite of effekte gedeponeer is, of vir verlies of skade wat deur 'n oordeelsfout van sy kant veroorsaak word.

Bestelling van kennisgewings en geregtelike stukke aan die Genootskap.

76. Alle kennisgewings, dagvaardings of ander geregtelike stukke kan bestel word aan, en is van krag teen, die Genootskap indien dit aan sy hoofkantoor bestel of daar gelaat word by 'n direkteur, amptenaar of klerk van die Genootskap.

Bestelling van kennisgewing van lede.

77. 'n Kennisgewing wat deur die Genootskap aan 'n lid gegee word, is van krag indien dit skriftelik is en of aan die lid self oorhandig word, of by sy sakeplek of verblyfplek gelaat word, of gefrankeer oor die pos gestuur en aan die lid geadresseer word by sy adres wat in die boeke van die Genootskap aangeteken is.

Openbare kennisgewings in *Staatskoerant* in Afrikaans en Engels; in een van die tale in ander blaaië.

78. Alle openbare kennisgewings wat ingevolge hierdie Wet vereis word, word in sowel die Afrikaanse as die Engelse taal in die *Staatskoerant* en in die een of die ander taal in een of meer koerante gepubliseer.

Genootskap onderworpe aan sekere algemene wette.

79. Die bepalinge van hierdie Wet word nie geag die Genootskap te onthef, of die Genootskap die voordele te ontnem van die Versekeringswet, 1943 (Wet No. 27 van 1943), of van enige ander algemene wet betreffende versekeringsmaatskappye wat voor die inwerkingtreding daarvan ingelyf is nie.

Herroeping van wette.

80. (1) Behoudens subartikel (2) word die in die Bylae vermelde wette hierby herroep vir sover in die derde kolom daarvan uiteengesit word.

(2) Enigiets wat gedoen is of enige verpligting wat aangegaan of onderneem is of enige aanstelling of enige huwelik reël

thereof has been given by advertisement in the *Gazette* and in such newspapers as the directors of the Society shall determine.

(3) The procedure at such meeting shall be regulated in all respects by the law at that time applicable to meetings of the Society.

(4) The alteration or addition shall not take effect until and except in so far as it is confirmed, on petition, by the Cape Provincial Division of the Supreme Court.

(5) Section 11 (3), (4), (5), (6) and (7) of the Companies Act, 1926, shall *mutatis mutandis* apply in any proceedings under this section: Provided that for the purposes of the application thereof the Society shall be deemed to be a company and the said section 11 shall be construed as if the amendment thereof by section 7 of the Companies Amendment Act, 1952 (Act No. 46 of 1952) had not taken place.

VIII. MISCELLANEOUS.

74. No assignment of a policy shall confer on the assignee therein named, his executors, administrators, or assigns, any right to sue the Society for the amount of such policy, or the moneys assured or secured thereby, until a written notice of the date and purport of such assignment shall have been given to the Society at its head office; and any advance or payment *bona fide* made by the Society upon or in respect of any policy before the date upon which such notice shall have been received, shall be valid and effectual against the assignee or other person giving such notice.

Notice of assignments of policies required.

75. (1) Every director, trustee, officer and clerk of the Society shall be indemnified by the Society out of its funds in respect of all costs, losses and expenses which he may incur in the discharge of his duties.

Indemnification of directors, trustees, officers and clerks.

(2) No director or trustee of the Society shall be liable for the acts, neglects or defaults of any other director or trustee, or of any officer or clerk of the Society, or for joining in any act for conformity, or for any loss or expense happening to the Society through the insufficiency or deficiency of title to any property acquired by or by order of the directors for or on behalf of the Society or for the insufficiency or deficiency of any security upon which any of the money of the Society shall be invested or for any loss or damage arising from the insolvency or wrongful act of any person with whom any money, securities or effects shall be deposited or for any loss or damage occasioned by any error of judgment on his part.

76. All notices, summonses, or other legal process may be served, and shall be effectual against the Society, if served or left at its head office with any director, officer or servant of the Society.

Service of notices and legal process against the Society.

77. A notice given by the Society to a member shall be effectual if in writing, and either delivered to the member personally, or left at his place of business or residence, or sent through the post office stamped and directed to the member at his address registered in the books of the Society.

Service of notices on members.

78. All public notices which are required to be given under this Act shall be published in both the English and Afrikaans languages in the *Gazette* and in one or other language in one or more newspapers.

Public notices in *Gazette* in English and Afrikaans; in one or other language in other papers.

79. Nothing in this Act shall be deemed to exempt the Society from or to deprive the Society of the benefits of the Insurance Act, 1943 (Act No. 27 of 1943), or any other general Act affecting assurance companies incorporated before the commencement thereof.

Society subject to certain general Acts.

80. (1) Subject to subsection (2) the laws specified in the Schedule are hereby repealed to the extent set out in the third column thereof.

Repeal of laws.

(2) Anything done or any obligation incurred or undertaken

Bylae.

WETTE HERROEP.

No. en jaartal van Wet.	Kort titel.	In hoeverre herroep.
Wet No. 16 van 1915.	„Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootschap Private Wet, 1915.”	Die geheel.
Wet No. 23 van 1937.	„Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootschap” Wysigings (Private) Wet, 1937.	Die geheel.
Wet No. 7 van 1950.	Private Wysigingswet op die „Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootschap”, 1950.	Die geheel.

Schedule.

LAWS REPEALED.

No. and year of Law.	Short Title.	Extent of Repeal.
Act No. 16 of 1915.	South African Mutual Life Assurance Society Private Act, 1915.	The whole.
Act No. 23 of 1937.	South African Mutual Life Assurance Society Amendment (Private) Act, 1937.	The whole.
Act No. 7 of 1950.	South African Mutual Life Assurance Society Amendment (Private) Act, 1950.	The whole.

No. 53, 1966.]

WET

Om voorsiening daarvoor te maak dat die waterwerke van die Landbounedersettings Roodepoort en Weltevreden Staatswaterwerke is, en vir die oordrag aan en die vestiging in die Staat van sekere regte daarop wat ingevolge die „Agricultural Settlements Private Ordinance, 1907”, van die Oranje-Vrystaat, by die Bestuurskomitees van daardie Nedersettings berus; om voorsiening te maak vir die afskaffing van daardie Bestuurskomitees en die beskikking oor hulle bates en laste; om voorsiening te maak vir die onteiening van grond of regte daarop van 'n buitestedelike bestuur ingestel deur of kragtens die Ordonnansie op Kleinhoewes, 1954, van die Oranje-Vrystaat; om die „Agricultural Settlements Private Ordinance, 1907”, van die Oranje-Vrystaat, die Wysigingswet op die Landbounedersetting Roodepoort, 1956, en die Wysigingswet op die Landbounedersetting Weltevreden, 1956, te herroep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 19 Oktober 1966.)*

